

# DIE Pad Saam

GRATIS
Uitgawe 45 • Oktober | November 2017

## Landbou as kuns
Siergroentetuine

## Hoe gemaak met Veldbrande?

## Gaan die aarde sy drakrag oorsky?

## Hoe skadelik is BVD vir my beeskudde?

## Bewaringslandbou

# DIE Pad Saam




***Die Pad Saam*** is 'n tydskrif in A4-formaat wat onder die vaandel van VKB Groep gepubliseer en versprei word.
6 500 eksemplare word maandeliks aan lede van VKB en NTK gepos en die res by die handelstakke versprei. Die inhoud van die tydskrif fokus hoofsaaklik op landbounuus, maar daar word ook aandag geskenk aan gesondheidsake, regsaspekte – veral oor werknemers- en werkgewersaangeleenthede – nuusbrokkies oor VKB- en NTK werksaamhede en profielartikels oor lede wat presteer of interessante stokperdjies bedryf.

***Die Pad Saam*** is a magazine in A4 format that is published and distributed under the auspices of VKB Group.
6 500 copies are posted to members of VKB and NTK and the rest at the different branches and outlets. The focus of the content of the magazine falls on agricultural news, but attention is also given to health issues, legal aspects regarding employees' and employers' rights, news flashes about what's happening at different branches of VKB and NTK, and profile editorials about members' achievements and interesting hobbies.

| Tariewe vir 2017/2018 Fokusse | | Rates for 2017/2018 | |
|---|---|---|---|
| Feb/Mrt 2018 | Boere en hul finansies | 30 Desember 2017 | 10 Januarie 2018 |
| Apr/Mei 2018 | Dieregesondheid | 28 Februarie 2018 | 10 Maart 2018 |
| Jun/Jul 2018 | Meganisasie | 28 April 2018 | 10 Mei 2018 |
| Aug/Sept 2018 | Insetverskaffing/Besproeiing | 30 Junie 2018 | 10 Julie 2018 |
| Okt/Nov 2018 | In en om die Huis | 30 Augustus 2018 | 10 September 2018 |
| Des 2018/Jan 2019 | Tuin | 30 Oktober 2018 | 10 November 2018 |

# INHOUD


10-11
Hoe gemaak met veldbrande?


26-27
Nou rywydtes verhoog sojaboonopbrengs betekenisvol


40-42
Landbou as kuns: Siergroentetuine


**Uitgewer:**
VKB en NTK

**Redakteur:**
Hannelie Cronjé
Posbus 100
Reitz 9810
Tel. 058 863 8223
hanneliec@vkb.co.za

**Eindredakteur:**
Koos Janse van Rensburg

**Ontwerp en Uitleg:**
Ryno Steyn (VKB)

**Taalversorging:**
Lize Mulder

**Druk:**
Oranje Drukkers, Senekal

**Advertensies:**
Hannelie Cronjé (VKB)
hanneliec@vkb.co.za
Sel. 083 303 6117



*Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.*


Vkb beskik oor 'n kliëntediensentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**


| | |
|---|---|
| 5 | Voorwoord |
| 6 | Landbou se BBP skyn helder in kwartaal 2 van 2017 |
| 8 | Besigheidsoerwoud: Bakoorjakkels |
| 10-11 | Hoe gemaak met veldbrande? |
| 14 | Gaan die aarde sy drakrag oorsky? |
| 16-17 | Petrus Ratsomane – die suksesverhaal van Eldorado |
| 18 | Die Pad Saam gesels met Marius Dreyer |
| 20-21 | Bewaringslandbou |
| 22-24 | Farmpack vir verpakking van formaat |
| 26-27 | Nou rywydtes verhoog sojaboonopbrengs betekenisvol |
| 29-30 | 20 ton opbrengste by mielies in SA word stadig maar seker 'n werklikheid |
| 32-33 | United Seeds Kultivars presteer |
| 34-36 | Hoe skadelik is BDV vir my beeste? |
| 37 | Nu-pro Voere braaikuiken-promosie |
| 38-39 | Super-Sure is super lekker |
| 40-42 | Landbou as kuns: Siergroentetuine |
| 44-45 | Wat is nuut in Sakata se groentemandjie? |
| 46 | Oktobermaand is suiwelmaand |
| 47-49 | Gesondheid: Moedie dat stres jou lewensgehalte steel nie |
| 50-51 | Kinderhoekie: Optelgoed is hougoed |
| 52 | VKB sê dankie aan topklante |
| 53 | NTK Produsente van die jaar |
| 54-55 | Queen of the Kitchen |
| 56-61 | VKB en NTK Nuus |
| 63 | Laaste kans vir wonderlike bootrit |



47-49
Gesondheid: Moedie dat stres jou lewensgehalte steel nie


14
Gaan die aarde sy drakrag oorskry?


34-36
Hoe skadelik is BDV vir my beeste?

# JY KAN 'N VERSKIL MAAK!

## Sáám kan ons die tegnologie beskerm en die toekoms verseker.




Rentmeesterskap beteken om die beste tegnologie na die volgende generasie oor te dra. Dit is belangrik om 'n toevlugsarea aan te plant, want dit voorkom die natuurlike opbou van weerstand en beskerm die tegnologie.

Oes die voordele van **YieldGard**® en **YieldGard**® **II**-tegnologie en plant jou toevlugsarea aan!

Monsanto, YieldGard® en YieldGard® II is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC.
Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk,
Posbus 69933, Bryanston, 2021.

MONSANTO ®

Tel: +27 11 790-8200
Faks: +27 11 790-8350
www.monsanto.co.za

A16870/DP

# Die lewe loop sy pad met elkeen van ons

"Life is what happens while you are busy making other plans", het John Lennon van die Beatles by geleentheid gesê.
Ken elkeen van ons nie die waarheid van hierdie stelling nie. As jongeling het jy 'n vooropgestelde idee van hoe jou toekoms gaan lyk en jy maak planne daarvolgens, en dan gebeur daar iets – goed of sleg – wat jou heeltemal van daai planne laat afsien en jou lewe in heeltemal 'n ander rigting stuur.
Selfs al beplan jy net 'n piekniek vir Sondag, het jy geen versekering dat die weer gaan saamspeel nie. Hoeveel van ons se "luilekker sondeurdrenkte" vakansies by die see het nie al heeltemal uitgereën of weggewaai nie!
Ons plant en ons saai en begin reeds droom oor die kar wat aan die einde van die seisoen vervang sal kan word, en dan kom die reën nie, of die ryp of hael of te véél reën vernietig al ons handewerk.
Jy trou met jou droomman of -vrou en 'n paar jaar later kom daardie persoon te sterwe, of julle besef op 'n dag julle het mekaar ontgroei en deel nie meer dieselfde droom nie.
Dit alles is goed wat nie een van ons beplan het nie.
Veral in die boeregemeenskap ken ons die woorde "Die mens wik, maar God beskik" ten gronde, want so dikwels kom daar goed op jou pad wat jy glad nie sien kom het nie. Terugslae, teëspoed, die dood van 'n geliefde, mense wat jou teleurstel, maar ook meevallers en goeie geluk en wonderwerke! Alles is goed wat ons deur die meul van die lewe sit. Soms voel jy jy word fyngemaal, ander kere werk die meul weer 'n bietjie sagter met jou.
'n Vriendin, Natalie Gabriels, vergelyk ons lewe die ander dag met 'n bal pastadeeg, wat net meel, sout, eiers en 'n bietjie water nodig het. Maar dié paar goed moet behóórlik geknie en bewerk word voordat jy 'n bal deeg het waarmee jy iets kan maak, anders bly dit net 'n hoop bestanddele. En dan moet daardie deeg deur 'n pastamasjien gestuur word of met 'n koekroller gerol word – sommer 'n hele paar keer – voordat die werklike pasta daarmee gemaak kan word.
En soms kom ons aan die ander kant uit as 'n lasagne-vel of macaroni of spaghetti of enige van die ander diktes of vorms van pasta, want ná elke beproewing of gebeurlikheid kom ons tog in 'n ander vorm aan die ander kant uit, al bly ons steeds mens.
Maar nou is die pasta nog steeds rou. Dit moet in 'n pot kookwater gegooi word om vir 'n paar minute daarin rond te borrel en draai voordat dit enigsins eetbaar is. Net soos wat die lewe ons soms deur die kookwater stuur en net soos wat ons soms moet bontspring om al die balle in die lug te hou.
En as die pasta uit die water uitgeskep word, is dit steeds net pasta. Dit gaan nou van jóú afhang wat jy by daardie hoop noedels gaan sit om dit 'n lekker gereg te maak. Jy kan self kies of jy net botter gaan insit en dit net so gaan eet en of jy die rooiste tamaties in jou tuin gaan uitsoek, die soetste basiliekruidblare, die witste sampioene vir 'n heerlike ete. Of dalk blokkies hoenderborsies, spek en 'n roomsous. Of 'n bolognaisesous met Italiaanse kruie. Of 'n lasagne met witsous en dik kaas bo-oor.
Die punt is: ons het steeds die keuse om iets van die hopie pasta te maak. En as jy kies om net die pasta te bly, mag jy nie vir God, "die lewe" of enigiemand of enigiets anders daarvoor blameer nie. Want selfs in die swaarste tye is daar familie en vriende wat vir jou omgee; is daar jou kinders wat aan jou toevertrou is, wat versorg moet word en vir wie jy moet leer dat jy die kéúse het of jy gaan opstaan nadat die wind jou omgewaai het, en of jy op 'n hopie gaan bly lê sodat die sand jou later toewaai.
Mag elkeen van ons elke dag verantwoordelik met daardie keuses omgaan.

Groetnis tot volgende keer!

*Hannelie*



# Landbou se BBP

## skyn steeds helder in kwartaal 2 van 2017

**Ná agt opeenvolgende kwartale van negatiewe groei, het die landbousektor in die eerste kwartaal van 2017 (Q1:2017) 'n ommekeer gemaak met 'n positiewe bruto binnelandse produk (BBP) van 22,2% deur kwartaal op kwartaal te vergelyk (q/q). Die landbousektor het hierdie momentum in die tweede kwartaal behou met 'n indrukwekkende groeikoers van 33,6% q/q. In reële terme is die landbousektor versterk deur goeie prestasie deur hoofsaaklik die lewendehawe- en somergraan-subsektore.**

Danksy veral hierdie sterk prestasie deur die landbousektor het Suid-Afrika teruggekeer uit die tegniese resessies wat die land in Q1:2017 betree het. In Q1:2017 het die landbousektor 0,4% bygedra tot die werklike BBP, wat verbeter het tot 'n bydrae van 0,7% tot die werklike BBP in Q2: 2017. Die werklike BBP het in Q2:2017 met 2,5% verhoog ná 'n afname van 0,6% in Q1:2017.

Hoewel die lewendehawe-subsektor steeds herstel, het goeie winste veral van die pluimvee-, beesvleis-, suiwel-, skaapvleis- en varkvleisbedrywe, na vore gekom. Dit is tot 'n groot mate gedryf deur hoër kommoditeitspryse en 'n verligting van voerpryse wat waarskynlik die sektor vorentoe ook gaan baat. Veldgewasse het ook aansienlik bygedra danksy baie beter produksievolumes ten spyte van laer kommoditeitspryse. Die bedrywe wat die meeste bygedra het tot die veldgewasse-subsektor was mielies, sojabone, suikerriet, grondbone, koring en droë bone. In die jongste vrystelling van die Gewasskattingskomitee is die produksie van kommersiële mielies opwaarts aangepas met 2,8% tot 'n rekordhoogte van 16,4 miljoen ton, en sojaboonproduksie is afwaarts aangepas met 1,8% tot 1,32 miljoen ton, wat steeds 'n rekordhoogte is.

Alles in ag genome, met die tendens in positiewe landbou-BBP-groei, is die verwagting dat dit reg deur die jaar sal voortduur. Die verwagting is egter dat die sektor se prestasie in die tweede helfte van die jaar aansienlik stadiger sal wees as in die eerste helfte aangesien die boere in die somerreënvalstreke nou gereed maak vir die nuwe seisoen. Daarbenewens word verwag dat die 2017-'18-somergewasproduksieseisoen gunstig sal wees, wat veldgewasse se pryse tot diep in 2018 laer kan hou. Damvlakke in die Wes-Kaap staan tans rondom 33,7%, wat laer is as verlede jaar dieselfde tyd toe dit 45% was. Daar word verwag dat dit die uitbreiding van tuinbouproduksie onder druk kan plaas in die Wes-Kaap.

Die jongste nasionale plaasskuld van R144 biljoen (Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, Des. 2016) kan daarop dui dat boere hernude landbouproduksie befonds het, wat goed kan wees vir die sektor se toekomstige BBP-bydrae. Ongelukkig is daar ook 'n kans dat 'n gedeelte van die nuwe rekordskuldvlakke befondsing is ná die vorige seisoen se droogte. Daarom is dit belangrik dat:

- boere moet seker maak dat besluite oor befondsing geneem word om produktiewe bates te bekom, en om voorsiening te maak vir besigheidsbedrywighede wat genoegsame opbrengs sal lewer om skuld terug te betaal;
- risikoverminderingsinstrumente soos verskansing, betroubare kontrakte, en versekering 'n belangrike komponent bly van 'n befondsingsbesluit;
- in gevalle waar produksieskuld nie betaal is nie, dit belangrik is om oor 'n volhoubare skuldherstrukturering/verlenging te onderhandel om voortgesette produksie te verseker, of alternatiewe balansstaatoplossing te oorweeg, wat die verkoop van bates insluit wat glad nie of min presteer ten einde die skuld te verminder. In sulke gevalle is finansiële insette van gekwalifiseerde adviseurs noodsaaklik.
- boere ook hul produksieplanne met hernude fokus moet bestuur om te verseker dat die optimale gewaskombinasies bereik word, afhangend van hulle agro-ekologiese ligging.






**Gemagtigde finansiëledienste- en geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP15).** Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Regnr.1962/000738/06).
Voluit Vorentoe is 'n handelsmerk van Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk. SBSA 271207 07/17

deur André W. Diederichs



# Bakoorjakkals

**Die toer deur *BESIGHEIDSOERWOUD* gaan voort… Kern-sakelesse uit die natuur is vervat in my boek *Besigheidsoerwoud* en hierdie sakelesse word oor 15 uitgawes bespreek**

Die sewende sakeles wat bespreek word, is die belangrikheid om 'n werkbare en vroeë waarskuwingstelsel te skep en dit word verbind met die bakoorjakkals. Bakoorjakkalse leef in pare en beweeg saam, soos meeste getroude pare doen. Hulle vreet meestal insekte, maar vul ook hul dieet aan met klein knaagdiere, reptiele en selfs vrugte. 'n Bakoorjakkals gebruik sy buitengewoon groot ore om die geluid van sy prooi, selfs onder die grond, te hoor en sy reuksintuig om kos soos bessies te vind.

Wat het die bakoorjakkals met besigheid uit te waai? Omdat die bakoorjakkals weet hoe om in die oerwoud te oorleef, bied hierdie roofdier waardevolle lesse vir sakelui, aangesien dit in albei gevalle dikwels oor oorlewing gaan. Vir sake-eienaars gaan dit egter oor meer as net oorlewing. Dit gaan oor maniere om volgehoue sukses in die *besigheidsoerwoud* te skep.

Die bakoorjakkals kan met sy enorme ore 'voedselgeleenthede', selfs onder die grond, uitsnuffel en ook sonder veel inspanning vasstel waar sy aartsvyande, soos byvoorbeeld die Kaapse jakkals, is.

Soos die bakoorjakkals, wat besef dat hy jagter sowel as prooi is, moet entrepreneurs aktief jag maak op sakegeleenthede. Hulle moet voorts ook op hul hoede wees dat hul markmededingers nie hul markaandeel opraap of kannibaliseer nie. Terwyl dit belangrik is om op besigheidsgeleenthede te fokus, moet jy nie vergeet dat jou besigheid ook 'n geleentheid vir ander bied nie.

Die bakoorjakkals se naaste buurman is die meerkat, wat met sy skerp oë kan sien waar die bakoorjakkals nie kan nie. So skep die meerkat 'n werkbare en vroeë waarskuwingstelsel vir die bakoorjakkals. Die meerkatte het 'n sentrale wag, wat voortdurend op die uitkyk vir gevare en geleenthede is. Die bakoorjakkals verstaan die geluid wat die meerkat-sentrale wag maak, as daar gevaar aan die kom, is.

Beskik jou onderneming, soos die bakoorjakkals, oor vroeë waarskuwingstelsels wat jy kan inspan om jou sakeonderneming beter te bestuur? Hierdie is 'n besigheidsdissiplinne wat entrepreneurs moet ontwikkel om vroegtydig te weet hoe die besigheid vaar. Kontantvloei is die naam van die besigheidspel en druk op jou kontantvloei moet ontleed word om vroegtydige aksie te kan neem.

Daar is vier tipes waarskuwingstelsels wat sakelui kan gebruik ten einde toekomstige prestasies in 'n sakeonderneming te monitor:

1. Doeltreffende kontantvloeibestuur, sodat jy betyds regstellende aksie kan neem indien daar in die toekoms finansiële druk op die sakeonderneming sou ontstaan.

2. Bruto winsmarges. Jou rekenmeester weet, of behoort te weet, wat die gemiddelde bruto winsmarges in jou betrokke industrie is. Byvoorbeeld, die gemiddelde bruto winsmarges vir die restaurantbedryf is 35%.

   Indien jou onderneming se bruto winsmarge minder as die gemiddeld vir jou industrie is, moet jy vasstel waarom. 'n Logiese vertrekpunt is om die koste van verkope (cost of sales) te verminder. Dit mag heronderhandelings met verskaffers, om hulle te betaal nadat jy betaling ontvang het vir transaksies of verkope, insluit.

3. Jou netto winste, wat jy ten alle tye moet monitor. Indien jou netto winste met verloop van tyd daal, mag jou onderneming dalk betrokke wees in 'n surplus ekonomie. Dit beteken daar is te veel van dieselfde dienste/produkte op die mark wat 'n prysoorlog tot gevolg kan hê.

   Indien dit gebeur, kan jy diversifikasie oorweeg waardeur jy alternatiewe kontantvloeistrome ontwikkel met die vestiging van ander besigheidsgeleenthede. Diversifikasie kan finansiële druk op jou hoofbesigheid verminder en aanleiding gee tot die bekendstelling van nuwe produkte of dienste met gesonder winsmarges, asook minder markmededinging.

4. Fluktuasies in verkope, veral 'n afname, mag dalk daarop dui dat die mark se smaak vir jou produk verander het. Indien jy dit wil vasstel, moet jy bepaal watter waarde jou klante/kliënte aan jou produkte en diens heg, voordat jy regstellende aksie neem.

Onthou dat klante/kliënte se konsep van waarde oor tyd mag verander. Veranderinge in die markplek, soos byvoorbeeld bestaande tegnologieë wat vervang word met nuwe en beter tegnologieë, impakteer op jou klante/kliënte se konsep van waarde. DVD-masjiene wat videomasjiene vervang het, en optiese vesel wat besig is om tradisionele koperlandlynkabels te vervang, is enkele voorbeelde.

Voortdurende veranderinge in die markplek verg vroeë waarskuwingsisteme, net soos kontantvloeibestuur vroeë waarskuwingsisteme vereis. Dit is daarom noodsaaklik dat entrepreneurs *lerend met die werklikheid van die markplek moet omgaan*, deur voortdurend op hoogte van nuwe marktendense te bly, net soos die meerkat 'n werkbare en vroeë waarskuwingstelsel vir die bakoorjakkals is.

VANDAG SE
BOERE IS
MEER AS
NET BOERE.




Die moderne boer staar talle uitdagings in die gesig en moet verskillende baadjies dra om hulle te oorkom. Jy sien om na jou plaas, jou werkers, jou bates, jou huis en jou gesin. Santam verstaan hoe baie van jou verwag word en daarom neem ons 'n wetenskaplike benadering tot die beskerming van jou oeste, sowel as jou boerdery- en persoonlike bates. Want ons glo jy verdien uitsonderlike versekering.

**Vir meer inligting, bel jou makelaar of besoek www.santam.co.za/products/agriculture.**

**Santam. Regte, egte versekering.**

santam
landbou

Santam is 'n gemagtigde finansiële-diensverskaffer (lisensienommer 3416).

KINGJAMES 34645A

# Hoe gemaak met veldbrande



deur Karel van Heerden, junior assosiaat, VZLR Prokureurs

**Augustus merk die begin van die "veldbrandseisoen" wat deur sterk winde, droë weerstoestande en hoë temperature aangevuur word. Veldbrande kan groot skade aan eiendom aanbring, waaronder weiding op plase, huise, lewende hawe, voertuie of trekkers en selfs heinings.**

Wat behoort jy te doen in geval van 'n veldbrand op jou eiendom? Wie is aanspreeklik vir die verwoesting wat daardeur veroorsaak word? Op watter basis sal 'n hof 'n persoon aanspreeklik hou vir die skade? Dit is vrae wat algemeen voorkom, en wat in hierdie en opvolgende artikels bespreek sal word.

Die Wet op Nasionale Veld- en Bosbrande Artikel 101 van 1998 (die Wet) is die wetgewing wat voorskryf wat eienaars behoort te doen ten opsigte van veld- en bosbrande. Die Wet plaas sekere pligte op persone en maak voorsiening vir sekere aannames van nalatigheid aan die kant van individue wat nie aan die voorskrifte van die Wet voldoen nie.

## Wat verwag die Wet van jou?

1. **Brandbeskermingsvereniging:**

   1.1. Hoewel dit nie 'n uitdruklike plig is nie, maak die Wet voorsiening daarvoor dat eienaars van eiendom aansluit by hul plaaslike Brandbeskermingsvereniging (hierna genoem 'n "BBV"). Die rede hoekom ons verwys na die aansluiting by so 'n BBV as 'n "plig" is weens die gevolge van nie-aansluiting.

   1.2. Die wet maak voorsiening dat indien dit bewys kan word dat 'n veldbrand ontstaan het op, of versprei het vanaf 'n eiendom, of veroorsaak is deur die eienaar van die eiendom of enige persoon vir wie hy of sy verantwoordelik is, so 'n eienaar as nalatig beskou word tensy die eienaar 'n lid is van 'n BBV.

   1.3. Die gevolg van hierdie aanname is dat die eienaar van die eiendom dan sal moet bewys dat hy of sy nie nalatig was nie, en daarom nie aanspreeklik is nie, soos hieronder bespreek sal word. Na hierdie tipes aannames word gewoonlik verwys as omgekeerde onus-aannames ("reverse onus presumptions"), aangesien hulle die onus op die eienaar plaas om nie-nalatigheid te bewys, in plaas daarvan dat die eiser/klaer dit moet bewys.

2. **Brandpaaie/Brandstroke**

   2.1 Van elke eienaar op wie se grond 'n veldbrand mag ontstaan of van wie se grond af dit mag versprei, word vereis om brandpaaie of brandstroke te vestig en in stand te hou op sy of haar kant van die grens tussen sy of haar grond en enige aanliggende grond.

   2.2 Elke brandpad moet aan die vereistes van die Wet voldoen, wat in volgende artikels bespreek sal word.

3. **Gereedheid vir brandbestryding:**

   3.1 Nog 'n wetlike verpligting wat op die eienaars van grond geplaas word, is om sodanige toerusting, beskermende klere en opgeleide personeel te hê wat vure kan blus soos wat voorgeskryf of redelik noodsaaklik is, en om seker te maak dat in sy of haar afwesigheid daar verantwoordelike persone teenwoordig is op of naby sy of haar grond wat, in die geval van 'n brand, die brand sal blus of sal help om dit te doen en alle redelike en billike stappe sal doen om die eienaars van aanliggende grond en die relevante brandbeskermingsvereniging, indien enige, te waarsku.

   3.2 Die Wet vereis daarom van eienaars om gereed en toegerus te wees om veldbrande wat op hul grond ontstaan of daarvandaan versprei, te beveg.

## Wie is aanspreeklik?

Dit is gewoonlik 'n komplekse vraag wat van baie faktore afhang, soos byvoorbeeld op wie se eiendom het die brand ontstaan, hoe het dit ontstaan (bv. 'n sigaretstompie, elektriese kabel wat 'n vonk gemaak het, weerlig, ensovoorts) en wie het die veldbrand begin. Is die eienaar verantwoordelik vir die optrede van die mense wat die veldbrand veroorsaak het, soos werknemers?

Eienaars kan aanspreeklik gehou word vir die optrede van hul werknemers op hul eiendom. In die saak van *Kasper v André Kemp Boerdery BK. 2012 (3) SA 20 (WCC)* het 'n volbank in die Kaapse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof bevind dat 'n werkgewer aanspreeklik was vir die veldbrand wat deur sy werknemer veroorsaak is. In hierdie saak was die werknemer, wie se opdrag was om gras in 'n donga te verbrand, ongehoorsaam aan sy werkgewer se opdrag, en het hy die gras op weidingsgrond op die eienaar se grond opgestapel en dit aan die brand gesteek.

Ongelukkig vir die werknemer was dit 'n droë dag, die humiditeit was laag en 'n sterk wind van sowat 30 km/h het gewaai, met die temperatuur op ongeveer 35 °C. Binne sekondes was die veldbrand buite beheer en het dit na

omliggende plase versprei en uitgebreide skade veroorsdaak. Die werkgewer is aanspreeklik gehou vir die skade wat deur sy werknemer veroorsaak is en kon nie aanspreeklikheid ontsnap nie. Werkgewers kan egter aan aanspreeklikheid ontsnap as hulle kan toon dat die werknemer nie binne die gewone omvang van sy pligte opgetree het nie, maar eerder vir sy of haar eie pret. Ons sal hierdie aspek in opvolgende artikels breedvoeriger bespreek.

Veldbrande word egter nie net deur eienaars of hul werknemers veroorsaak nie. Daar is baie ander oorsake van veldbrande en elkeen moet op sy eie ondersoek word om te bepaal of die eienaar aanspreeklik gehou kan word.

Veldbrande kan byvoorbeeld veroorsaak word deur oorliggende kabels van Eskom. In hierdie gevalle kan Eksom aanspreeklik gehou word. Seksie 25 van die Wet op Elektrisiteitsregulering, Wet nr. 4 van 2006, maak voorsiening dat in enige siviele vervolgings teen 'n gelisensieerde (soos Eskom) wat voorspruit uit skade of besering veroorsaak deur induksie of elektrolise  of op enige ander wyse waarop elektrisiteit gegenereer, oorgedra of versprei word deur 'n gelisensieerde, sodanige skade of besering beskou word as dat dit veroorsaak is deur die nalatigheid van die gelisenseerde, tensy daar geloofwaardige bewyse tot die teendeel is.

Dit is weereens 'n omgekeerde onus en die gelisensieerde, byvoorbeeld Eskom, sal moet bewys dat dit nie nalatig was nie. Hierdie omgekeerde onus is egter net van toepassing as 'n klaer kan bewys dat die veldbrand veroorsaak is deur die induksie of elektrolise of op enige ander wyse waarby elektrisiteit gegenereer, oorgedra of versprei is deur 'n gelisensieerde.

Onthou altyd dat selfs indien 'n veldbrand deur byvoorbeeld Eskom veroorsaak is, kan jy aan die saak gekoppel word as Eskom van mening is dat jy nie aan jou wetlike pligte voldoen het nie, en dat jy die brand veroorsaak het of toegelaat het dat die brand versprei het, eerder as dat dit in bedwang gebring is.

As die veldbrand byvoorbeeld veroorsaak is deur oorliggende elektriese kabels, en Eskom kan bewys dat die brand van jou eiendom af versprei het omdat jy versuim het om vir ordentlike brandpaaie of -stroke of behoorlike brandbestrydingstoerusting voorsiening te maak, kan jy aanspreeklik gehou word vir die skade wat aan ander eiendomme aangebring is, of aan Eskom se oorblywende infrastruktuur. Daarbenewens kan jou eie verliese waarvoor jy van Eskom kan eis, deur die hof verdeel word met inagneming van die mate waartoe jou versuim bygedra het tot die skade.

## Wat kan jy doen om jouself te beskerm?

Behalwe om aan die wetlike verpligtinge te voldoen soos deur die Wet voorgeskryf, raai ons eienaars van eiendom sterk aan om voldoende versekeringsdekking uit te neem teen veldbrande. Jy weet nooit wanneer 'n onverwagte brand kan voorkom en jou en ander eiendomseienaars uitgebreide skade kan berokken nie.

Jy sal voldoende versekeringsdekking moet hê om jou eie verliese sowel as die verliese van ander te moet dek indien jy vir die skade aanspreeklik is.

Dit is van die uiterste belang om alle redelikgewyse nodige stappe te doen om 'n veldbrand wat op jou eiendom ontstaan het of daarvandaan versprei het, te beveg, te bedwing en te blus. Jy kan aanspreeklik gehou word indien dit bewys kan word dat jy nie sodanige redelike stappe gedoen het om die veldbrand in bedwang te hou nie.

Indien jy kan bewys dat die brand ten spyte daarvan dat jy alle moontlike redelike stappe gedoen het om die veldbrand te beveg, te bedwing en te blus na aanliggende eiendomme versprei het, hetsy weens die weer of andersins, kan jy aanspreeklikheid onder sulke omstandighede vryspring.

**Vir enige vrae oor veldbrande, kontak asseblief die skrywer van hierdie artikel wat met graagte jou vrae sal beantwoord.**

vzlr

ATTORNEYS PROKUREURS



'n Vars perspektief.

012 435 9444 | www.vzlr.co.za

deur dr. Philip Theunissen

# Gaan die aarde sy drakrag oorskry?




**Op land is daar een enkele spesie, naamlik *Homo sapiens*, wat tans ongeveer 40% van die ekosisteem se droë biomassa, hetsy direk of indirek, net vir homself benut. Dit het waarskynlik nog nooit vantevore in die aarde se lang bestaan gebeur dat een enkele spesie so 'n dominante aanslag op die planeet se voedselbronne gemaak het nie. Hoewel dit uiters moeilik is om die aarde se drakrag van mense én diere te bepaal, beweer heelwat doemprofete dat as die wêreld se bevolking met nog tussen 50 tot 100% toeneem, die mens dan insgelyks aanspraak op tussen 50 en 100% van die aarde se netto primêre produksie gaan maak. Soos 'n oorbeweide plaas, sal die aarde se ekosisteem dan na bewering eenvoudig in duie stort om nooit weer te kan herstel nie.**

Die vaag of voedselvoorsiening met die pas van die bevolkingsgroei kan bybly, is 'n eeue-oue kwessie. In 1798 het die Britse ekonoom Thomas Malthus al voorspel dat voeselvoorsiening nie met die bevolkingsgroei kan bybly nie en sy Malthusiese katastrofe het tóé al ellende vir die mensdom in terme van voedselsekerheid in die vooruitsig gestel. Volgens Malthus sal die mensdom by hierdie kruispad weer aan oorlewing uitgelewer word en teruggedwing word tot 'n bestaansekonomie.

## Bevolkingsgroei

Die Verenigde Nasies bereken dat daar tans 7 miljard lewende mense op die aarde is, terwyl daar 200 jaar gelede slegs 1 miljard was. Ramings dui daarop dat daar tans dus 6,5% mense leef van die totaal wat al ooit op die aarde gebore is. Grafiek 1 toon aan dat die wêreld se bevolking sedert Christus se geboorte vir etlike eeue lank baie stadig gegroei het, maar dat dit die afgelope drie eeue teen 'n ongekende koers toegeneem het. Van 1900 tot 2000 het die wêreld se bevolking meer as vier keer toegeneem, naamlik van 1,5 miljard tot 6,1 miljard, en dit in slegs 100 jaar. Nog sewentien later staan die wêreldbevolking tans op 7 miljard.

Grafiek 1 skep die indruk dat bevolkingsgroei, op die lang duur, 'n eksponensiële kurwe volg, naamlik dat die bevolking al vinniger groei. By nadere ondersoek is daar egter aanduidings dat die groeikoers begin afplat. Waar dit 'n hoogtepunt van 2,1% in 1962 bereik het, is dit tans net meer as 1%.





Die waarnemings wat uit Grafiek 1 gemaak kan word, is dat die mensdom se onlangse geskiedenis in drie duidelike periodes ingedeel kan word. Die eerste periode (pre-modern) was 'n lang tydperk van baie stadige bevolkingsgroei. Die tweede periode, wat met die begin van nuwe handelsroetes en die ontdekking van nuwe

kontinente geassosieer kan word, het van ongeveer 1700 tot 1962 geduur. Die derde periode het waarskylik nou aangebreek waartydens bevolkingsgroei weer begin afplat om dalk aan die einde van die huidige eeu te begin stabiliseer. Die lang periode van versnelde bevolkingsgroei begin dus stadig tot 'n einde kom. Die vraag is nou of landbouproduksie by die bevolkingsgroei kon bybly.

## Beskikbare grond

Bewerkbare grond maak ongeveer 10% van die aarde se totale oppervlakte uit. Permanente gewasse maak 1% uit, natuurlike weidings 24% en woude 31%. Die oorblywende 34% kan min of geen plantegroei akkommodeer nie en is yslande, woestyne, myne en beboude areas. Dit beteken dat die meeste van die aarde se produktiewe oppervlakte geruime tyd lank reeds ten volle benut word.
Teen die agtergrond dat die oppervlakte van bewerkbare grond nie dienooreenkomstig meer geword het nie, toon Grafiek 2 nogtans aan dat die waarde van landbouproduksie sedert 1961 bykans verdriedubbel het. Dit het teen 'n koers van 2,3% per jaar oor hierdie periode toegeneem en dus vóór die bevolkingsgroei van 1,7% per jaar vir die ooreenstemmende tydperk gebly.

GRAFIEK 2: WêRELD POPULASIE EN LANDBOUPRODUKSIE




Garfiek 2 toon ook aan dat die waarde van landbouproduksie per lid van die bevolking vir lank konstant gebly het, maar sedert 1995 geleidelik begin toeneem het. Dit is dus duidelik dat landbou voortdurend nuwe maniere vind om meer produktief ten opsigte van bevolkingsgroei te kan wees.
Groei in landbouproduksie dra direk by tot voedselsekerheid, maar die sukses van landbou word nie eenvormig oor die hele wêreld versprei nie. Verskeie minder ontwikkelde streke, veral sub-Sahara Afrika, ervaar steeds baie lae of selfs stagnerende groei in landbouproduksie. Dit bring voedseltekorte in hierdie streke mee terwyl daar oorskotte in die meer ontwikkelde streke van die wêreld is. Landbou kan dus genoeg voedsel vir die wêreld se bevolking produseer. Die probleem lê egter by die eweredige verspreiding daarvan onder die bevolking. Om verskeie logistiese én finansiële redes kan dit nie gedoen word nie en daarom is daar steeds dele waar daar hongersnood is ten spyte van voldoende landbouproduksie.

## Innovasie

Vir bykans drie eeue lank kon landbouproduksie eerder bevolkingsgroei stimuleer as wat dit moes bybly. Met verloop van tyd kon boere aanhoudend meer op dieselfde beskikbare oppervlakte produseer. Gemeet aan die mielie-opbrengs vanaf 1970 tot 2010 kon die Nasionale Landboustatistiekdiens van die VSA bepaal dat die saamgestelde groeikoers van landbouproduksie 1,9% per jaar is. Dit beteken dat landbougrond oor die algemeen elke jaar ongeveer 2% meer produktief as die voorafgaande jaar word. Hierdie is egter 'n wiskundige berekening want landbouproduksie word meer deur periodieke nuwe innovasies gekenmerk as 'n konstante jaarlikse toename in produktiwiteit. Tabel 1 bevat inligting oor die vernaamste deurbrake wat landbouproduksie oor die afgelope 180 jaar telkens in 'n hoër wentelbaan ten opsigte van produktiwiteit geplaas het, hoe vanselfsprekend van hierdie innovasies ook al vandag mag lyk.

**TABEL 1: OORSIG OOR LANDBOU-INNOVASIES**

| | |
|---|---|
| 1841 | Die eerste graanplanter word gepatenteer |
| 1854 | Die windpomp word bekend gestel |
| 1862 - 1875 | Die perd word as kragbron vir landbouwerktuie gebruik |
| 1874 | Doringdraad word gepatenteer wat veeboerdery stimuleer |
| 1882 | Die eerste kommersiële melkpasteuriseerder word in gebruik geneem |
| 1890 - 1895 | Roomafskeiers word algemeen gebruik |
| 1900 - 1910 | Menslike gebruike vir grondbone, patats en sojas word uitgevind |
| 1916 | Melkmasjien met 'n vakuumpomp word ontwerp |
| 1926 | Die eerste ligte trekker word ontwerp |
| 1930 | Die veeldoelige trekker met rubber wiele verskyn op die toneel |
| 1940 | Siektevrye, hoë opbrengs koringkultivars word ontwikkel |
| 1941 - 1945 | Huishoudelike yskaste word gewild en bevrore voedsel wen veld |
| 1960 | Ammoniak word toenemend as goedkoop stikstofbron gebruik |
| 1970 | Geen bewerkingspraktyke word ontwikkel |
| 1974 | Glyfosaat raak onder die handelsnaam Roundup beskikbaar |
| 1996 | Roundup Ready sojakultivars word kommersieel beskikbaar gestel |
| 1994 | Die eerste geneties gemodifiseerde voedsel (tamaties) word verbou |
| 1995 | Sateliet navigasiestelsels (GPS'e) word in landbou gebruik |

**Die somtotaal van al hierdie innovasies verhoog nie net die opbrengs van landbouproduksie op die beperkte bewerkbare grond nie, dit verminder ook die tyd wat dit neem om voedsel te produseer. Gevolglik verhoog die algehele produktiwiteit van landbou voortdurend deur middel van die nuwe innovasies.**



Volgens Tabel 2 het dit in 1850 vier dae se menslike arbeid geneem om een ton mielies, van plantvoorbereiding tot oes, te produseer. Dit het in 1930 tot een dag afgeneem terwyl dit in 1990 net 1 uur en 10 minute geneem het om een ton mielies te produseer. Met die nuutste tegnologie wat in 2016 tot die boer se beskikking was en met tydsbeparende bewerkingspraktyke, neem dit 'n boer nou slegs 12 minute se arbeid om een ton mielies van plantvoorbereiding tot oes te produseer.

**TABEL 2: PRODUKSIETYD VAN MIELIES**

| JAAR | WERKSTYD/TON | BEWERKINGS |
|---|---|---|
| 1850 | 4 dae | 1 skaar ploeg, eg, handsaai |
| 1930 | 1 dag | 2 skaar ploeg, 7' snyeg, 4 skaar eg, 2 ry planter |
| 1990 | 1 uur 10 min | 5 skaar ploeg, 25' kontrasny eg, planter, 25' spuit, 15' stroper |
| 2016 | 12 min | 6 ry Geen bewerking planter, 12m spuit, 12m strooier, 6 ry stroper |

## Produktiwiteit

Die verhoging van voedselproduksie op dieselfde bewerkbare oppervlakte is 'n verskynsel wat nie net tot die laaste 50 jaar beperk is nie. Die meer volledige rekords wat sedertdien gehou word, maak dit net makliker om landbouproduksie se invloed op die wêreld se bevolking vir hierdie tydperk te kan bepaal. Die wonderbaarlike vermoë van landbou om periodiek met nuwe innovasies vorendag te kan kom, het sy oorsprong al sedert die eerste landbourevolusie sowat 12 000 jaar gelede. Die mens se oervermoë om aanhoudend meer produktief te kon boer, het die aarde se drakrag gereeld verhoog en die mensdom in staat gestel om telkens sy getalle te vermeerder.
Toe die mens 12 000 jaar gelede die oorgang vanaf 'n jagter/insamelaar na 'n boer gemaak het, het landbou enorme veranderings in die mens se manier van leef teweeggebring. Dit het die mensdom in staat gestel om sy nomadiese bestaan in permanente nedersettings te kon omskep wat op betroubare voedselproduksie kon staatmaak. Uit landbou het stede en beskawings ontwikkel en omdat voedselproduksie op vraag en aanbod geskoei kon word, het bevolkingsgetalle van 5 miljoen mense sowat 12 000 jaar gelede tot die huidige 7 miljard kon toeneem. Landbou se produksievermoë, en nie bevolkingsgetalle nie, sal dus uiteindelik die aarde se optimale drakrag bepaal.



**90% van die wêreld se voedsel word vanuit net 15 plant- en agt dierspesies geproduseer. Koring, rys, mielies, babala en sorghum voorsien 70% van voedsel-energie en tot 90% van proteïen vir menslike gebruik. Grane is die mensdom se stapelvoedsel en dra meer as twee derdes van die wêreld se produksie van eetbare droë materiaal by terwyl dit die helfte van die mensdom se proteïen verskaf.**


**Bronne:**

*Human Appropriation of the World's Food Supply.* Curt Camemark, World Bank
Malthusian catastrophe. Wikipedia
*Global Agricultural Performance: Past Trends and Future Prospects.* Mette Wik1, Prabhu Pingali2, and Sumiter Broca. BACKGROUND PAPER FOR THE WORLD DEVELOPMENT REPORT 2008.
*A History of American Agriculture 1776-1990.*
Genographic Project / The Development of Agriculture
https://genographic.nationalgeographic.com/development-of-agriculture/
Statistics at FAO

FALCON® Est. 1985

# THE FALCON RANGE OF IMPLEMENTS




**TOUGH RELIABLE DURABLE**

For more information please contact us on 033 330 4764 or visit your nearest Falcon dealer.


**www.falconequipment.co.za**

FALCON works for you! Est. 1985 | AMAZONE | LOCUST | VOTEX

# Petrus Ratsomane

## die suksesverhaal van Eldorado







Eldorado beteken "plek van goud". Hier boer Sebijo Petrus Ratsomane egter nie met goud nie, maar wel met aartappels en okra. Limpopo lewer ongeveer 80 persent van alle tafel-aartappels in Suid-Afrika gedurende die wintermaande en Petrus is trots om 'n beskeie bydrae tot hierdie syfer te maak.

Eldorado is geleë in die verre Noordwestelike deel van Limpopo in die Capricorn-distrik. Dit vorm deel van die Blouberg- plaaslike munisipaliteit, ook bekend as "Potato Belt". Dit is naby Tolwe en die Bloubergnatuurreservaat geleë. As jy die verdere 50 kilometer op die grondpad na sy plaas aandurf, bevind jy jouself in 'n diep landelike gebied, maar in hierdie relatief rypvrye gebied kan hy basies die heel jaar sy aartappels en okra verbou.

Petrus boer op 120 hektaar stamgrond wat hy deur 'n PTO ("permit to occupy") by die stamowerhede huur. Hy boer reeds die afgelope 22 jaar op dié stuk grond, aanvanklik met aartappels, tamaties, botterskorsies en waatlemoene, maar dis die aartappels wat sy belangrikste gewas op die plaas is.

Petrus het begin boer met klapsproeiers, drupbesproeiing en 'n een hektaar spilpunt wat hy self uit skrootmateriaal gebou het. Hy koop sy eerste trekker in 1996 en later voeg hy nog een by. Hiermee het hy homself bewys as 'n man met 'n plan, en sý plan is 'n boerdery. In 2010 ontvang hy 'n drietoringspilpunt van die Departement van Landbou en hiermee begin sy boerdery gedy. Hy het egter heelwat terugslae beleef en veral die wissellende markpryse en 'n gebrek aan ondersteuning het hom gekortwiek in sy strewe om 'n volwaardige kommersiële boer te word.

In 2015 het dit onder die aandag van die VKB Landbou-ontwikkelingafdeling gekom dat daar 'n man in Eldorado boer wat kon doen met 'n hupstoot in sy boerdery. VBK se voorligters het hom besoek en aanbeveel dat hy deel word van die The Jobs Fund-projek. Petrus het ingestem en so is die proses begin. Die projek het so pas in April afgeskop en hy sal deel uitmaak van die VKB-projek waar daar oor die volgende vier jaar 20 hektaar se besproeiing-infrastruktuur geskep gaan word en hy binne vier jaar 20 hektaar aartappels per jaar en 20 hektaar suikermielies sal kan verbou.

> Die The Jobs Fund-projek is gemik op werkskepping en Petrus sal 12 permanente en heelwat seisoenale en tydelike werksgeleenthede bied aan mense wat voorheen werkloos was. Hierdie sal 'n daadwerklike bydrae lewer om in hierdie baie arm landelike gebied 'n uitkoms aan 'n paar gesinne te bied.

Petrus gaan ook met raad en daad bygestaan word deur VKB se Landbou-ontwikkelingafdeling aangesien hy reeds sy bereidwilligheid gewys het om hard te werk sodat hy kan ontwikkel in 'n volwaardige kommersiële boer.

Terwyl die finalisering van die The Jobs Fund nog in proses was, het Petrus egter nie op sy louere gerus nie. Hy het verlede seisoen reeds vyf hektaar aartappels verbou en

suksesvol aan McCain gelewer. Verder het hy, nadat hy van okra (groentesoort vir gebruik in sop en bredie) by een van VKB se voorligters, Kgabo Mooka, gehoor het, besluit om dit op die proef te stel. Hy is nou in sy tweede seisoen en tans plant hy 10 hektaar met groot sukses.
Die wisselende markpryse bly maar altyd 'n risiko en die toevoeging van aartappels en suikermielies onder kontrakverbouing gaan baie help om stabiliteit aan sy boerdery te verleen. Petrus maak ook deel uit van Aartappel Suid-Afrika se ontwikkelingsprojek . Hierdie projek verleen hulp met die verskaffing van gesertifiseerde saad aan boere en Petrus gaan baat vind by die verkryging van goeie virusvrye saad.
Petrus boer onder die naam Kaalbult Boerdery. Hy is 'n man wat met harde werk en ondervinding, maar beslis ook met die ondersteuning van VKB en die The Jobs Fund, nie net op pad is om 'n kommersiële boer te word nie, maar in die proses werk te skep in landelike Limpopo.









# Marius Dreyer

# VKB se sukses is in die hande van mense, met genade van Bo

## Wie is Marius Dreyer?



Marius Dreyer is die nuut aangestelde uitvoerende hoof van IT, Reitz. Hy is gebore in die Wes-Transvaal, Lichtenburg, het grootgeword en skool gegaan in Schweizer-Reneke, waar hy in 1985 gematrikuleer het. In graad 11 (die destydse standerd 9) en matriek het hy weggestap met die skool se toekenning vir die beste handelsleerling. Hy het deelgeneem aan atletiek, rugby en was ook deel van die skool se kadetspan.

Hy het sy studies in 1986 begin aan die Vaaldriehoek Technikon in Vanderbijlpark en verwerf daar die rektorstoekenning vir beste student.

Vroeg Januarie 1989 begin hy sy diensplig op Potchefstroom by Klipdrift Kanonierskorps. In 1990 verwerf hy luitenantskap en voltooi diensplig op 'n hoë noot. Hy word gewerf om by Denel (destyds Infoplan) te werk as 'n programmeur. Vir vyf jaar doen hy ondervinding op in die harde wêreld van IT.

Daarna word hy deel van die Oracle-span kontrakteurs en werk onder andere by BP in Kaapstad, Worcester-munisipaliteit en Edcon, Johannesburg.

'n Geleentheid om in die Midde-Ooste te gaan werk, het sy pad gekruis in 1998. Vir byna 'n jaar het die Dreyer-gesin die lewe in Saudi-Arabië ervaar en Marius het by die Oramco-oliemaatskappy en die King Fahd-hospitaal stelselimplementering gedoen.

Terug in Suid-Afrika het Marius by Medscheme, Johannesburg begin werk as 'n senior databasis-administrateur. Kort daarna is hy bevorder tot algemene bestuurder. Hy was 12 jaar in diens van Medscheme voordat hy by Mutual en Federal as die CIO (hoofinligtingsbeampte) aangestel is, waar hy die laaste vyf jaar gewerk het.

## Gesinslewe

Marius is baie gefokus op sy gesin. As hy kan, sal hy die berge versit om sy gesin gelukkig te hou. In Januarie het hy en Carin hul 27ste huweliksherdenking gevier en "dit voel steeds asof ons op *honeymoon* is". Hulle het twee kinders – 'n dogter Anneke (24) wat B.Ed Natuurlike Wetenskappe studeer by Tuks en 'n seun MG (21) wat Engelse Letterkunde studeer by Tuks.

Marius is die fondasie van sy gesin. Hy maak seker elkeen het 'n visie en einddoel as hulle iets aanpak.

"Ek wil graag glo ons is 'n baie gebalanseerde gesin," sê Carin.

## Visie vir VKB

Marius se visie vir VKB is om te verseker die IT-departement lewer die beste dienste moontlik aan die besigheid. 'n Goed geoliede IT-masjien sal sorg dat die besigheid sy doelwitte bereik tot die beterskap van VKB en al sy lede.

## Gunstelingvakansieplek

Die Dreyer-gesin se gunstelingvakansieplek is by die see. Gewoonlik iewers aan die Suidkus, maar die hele gesin is baie lief vir die Mosselbaai/Hartenbos-omgewing. So af en toe besoek hulle die Bosveld in die Waterberg-omgewing waar Marius baie lank na die Bosveld-TV kan kyk.

## Gunstelingboek

Met al die inligting waarmee IT-mense moet deel, het Marius aangeleer om te spoedlees. Hy het nie rêrig 'n gunstelingboek nie, maar hou daarvan om op hoogte te bly van wat in die wêreld aangaan.

## Gunstelingkos

Niks spesifieks nie – 'n lekker braaivleisie gaan altyd goed af – "maar gekookte groente is nie hoog op my lys nie".

## Gunstelingtydverdryf

"Tyd saam en rustig wees met my gesin, rekenaarspeletjies en gholf," sê hy.

## Gunstelingdrankie


Koffie

## Gunstelingkleur en hoekom?

"Ek het nie 'n probleem met enige kleur nie, maar as ek een moet kies, sal dit seker blou wees, al ondersteun ek die rooi rugbyspan!"












Roundup
PowerMAX®
HERBICIDE

# Maak staat op suksesvolle onkruidbeheer ...

## Met die regte kombinasie en gebruik van Roundup Ready®-produkte.

Suksesvolle onkruidbeheer in **Roundup Ready®**-mielies, -katoen en -soja verg bloot die perfekte kombinasie van puik produkte. Soos Monsanto se **Roundup PowerMAX®** wat deel uitmaak van 'n onoortreflike onkruidbeheerprogram in gewasse.

**Roundup PowerMAX®**:

- Is effektief - as enkelproduk of in kombinasie met geregistreerde produkte!
- Waarborg gewasveiligheid!

**Vir doeltreffende onkruidweerstandsbestuur beveel Monsanto aan dat Roundup PowerMAX® met ander geregistreerde produkte gekombineer moet word in 'n onkruidbeheerprogram.**

Vir effektiwiteit en gewasveiligheid, asook die korrekte gebruik van die produk, verwys na die produketiket vir volledige gebruiksaanwysings. Slegs met die korrekte en verantwoordelike gebruik van **Roundup PowerMAX®**, het jy uitstekende beheer oor onkruide en sal jou gewasse en jou wins groei

## Roundup PowerMAX® plaas jou in beheer.

**011 790-8200 | www.monsanto.co.za**
Kliënte is welkom om ons op ons kliëntediens-telefoonnommer of e-posadres te kontak: 011 790-8200 of customercare.sa@monsanto.com

**Roundup PowerMAX®** bevat glifosaat 540 g/ℓ. Versigtig. Reg. No. L7769 (Wet No. 36 van 1947). Gebruik onkruiddoders op 'n veilige manier. Lees altyd die etiket en produkinligting voor gebruik.
**Monsanto, Roundup®, Roundup Ready®** en **Roundup PowerMAX®** is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

# Bewaringslandbou is volhoubare land-bou vir die toekoms

'n Bewaringslandbou-boeredag is 24 Augustus by Ascent Silo naby Vrede gehou deur VKB, die Ascent-studiegroep en GraanSA. Die dag het gefokus op die rol van dekgewasse en vee-integrasie as deel van bewaringslandbou.

Gedurende dié boeredag het Izak Dreyer, 'n bewaringslandbouboer van die Vrede-distrik vir ons ingelig oor sy stelsel waar hy dekgewasse en vee deel gemaak het van sy bewaringsstelsel.

Izak het vir vyf jaar net geen-bewerking gedoen en toe die laaste twee seisoendekgewasse en vee gekombineer met sy geen-bewerking om 'n bewaringslandbousisteem te volg – wat dan al die aspekte van sy boerdery insluit. Tans gebruik Izak 'n somergewasrotasiestelsel wat 50% mielies, 35% sojabone en 15% somerdekgewasse insluit, terwyl hy soveel as moontlik winterdekgewasse probeer inkry.

## Winterdekgewasse

Gedurende die winter van 2017 het Izak 'n mengsel van winterdekgewasse geplant met die doel om kallers en skape daarop vet te maak. Figuur 1 dui die verloop van die plant van dekgewasse tot 'n opbrengs wat uitgedruk word as kilogram vleis per hektaar. 15 Maart 2017 is 'n mengsel van winterdekgewas geplant direk nadat die sojabone gestroop is. Daar het 40 mm reën van Maart tot einde April geval. Teen 16 Julie is 'n foto geneem met kallers wat wei op die land. Die laaste besoek was 24 Augustus gedurende die Ascent-boeredag. Volgens Izak het beeste op die winterdekgewas 170 kg vleis per hektaar aangesit, van Junie tot September 2017. Izak het 'n drakrag van twee kallers per hektaar op die winterdekgewasse uitgewerk. Teen 'n speenkallerprys van R33 per kg behoort hy R5 610 inkomste per ha te kry.



**Figuur 1: Die plant en benutting van winterdekgewasse in die Vrede-area.**

## Somerdekgewasse

Gedurende 2016 het Izak 600 kg/ha hawer ná sojabone afgehaal. November 2016 het hy 'n somerdekgewasmengsel, wat bestaan uit Bargrazer-voersorghum, Babala, tef, swart hawer, akkerbone, sunhemp, Barkant turnip en Japanese radys ná die hawer geplant. Figuur 2 wys hoe die somerdekgewasse gevorder het van plant in November 2016 tot Maart 2017. Die somerdekgewasmengsel het 'n droëmateriaal-opbrengs van 15 na 20 ton per hektaar gelewer.



**Figuur 2: Die ontwikkeling van somerdekgewasse in die Vrede-area wat 10 November 2016 aangeplant is tot 9 Maart 2017. Die totale reënval oor die tydperk was 520 mm.**



## *Intercropping* (tussenverbouingsprogram)


Nog 'n manier om groen plante heel jaar op die land te hê is om dekgewasse tussen lewendige mielies of ander graangewasse te plant, ook genoem *intercropping*. Figuur 3 wys waar Izak winterdekgewasse tussen sy mielies geplant het (2 Desember 2016). Die winterdekgewas het ontkiem in die seisoen en eers regtig begin groei nadat die mielies gestroop is en beeste kon gedurende die wintermaande daarop wei.



Figuur 3 wys hoe die winterdekgewasse tussen die mielies geplant is Desember 2016 tot waar dit as weiding vir die beeste dien in die wintermaande van 2017.

## Graangewasse na dekgewasse

Die vraag is nou hoe graangewasse doen ná veral winterdekgewasse. Op een van Izak se lande was daar 'n sojaboon, hawer en mielies-rotasiestelsel. Nadat die sojabone geoes is, is hawer as dekgewas gebruik gedurende die wintermaande. Op 13 Desember was daar 'n duidelike verskil in hoogte aan die mielies aan die linkerkant wat in dekgewasse geplant was en die mielies regs wat geen dekgewasse gehad het nie. Die redenasie dat dekgewasse die opvolggewas gaan benadeel as gevolg van grondvog, het definitief nie hier gewerk nie.



Figuur 4: Mielies is 2 November in die hawer-winterdekgewas geplant. Op 13 Desember kon daar duidelik gesien word dat die mielies in die linkerkant van die land, waar hawer geplant was, heelwat beter lyk as die mielies aan die regterkant sonder enige winterdekgewasse.

# Die vyf beginsels van bewaringslandbou

Die inbring van vee en dekgewasse in 'n geenbewerkingstelsel voltooi die vyf beginsels van bewaringslandbou naamlik:

**Minimum grondversteuring,** wat grondstruktuur en organiese materiaal behou;

**Grond wat ten alle tye bedek is met gewasse of stoppels,** wat verdamping en erosie verlaag, infiltrasie verhoog en die grond teen kompaksie en temperatuurskommelings beperk;

**Biodiversiteit & wisselbou,** wat diverse gewasverbouing insluit en 'n gebalanseerde dieet vir mikro-organismes gee wat 'n verhoging in organiese materiaal in die grond veroorsaak;

**Heel jaar groen gewasse** gee verskillende worteldieptes, onderhou fisiologiese prosesse in die grond, onderdruk onkruide, verhoog weerstand teen siektes en verbeter grondstruktuur;

**Vee:** Diere onder drukbeweiding, skakel plantmateriaal om in mis en urine, terwyl hoewe die materiaal vermeng met die grond, sonder die gevaar van kompaksie. Dit verhoog die organiese inhoud van die grond en skakel dekgewasse om in GELD!



Figuur 5: 'n Gesonde grond as gevolg van die vyf praktyke van bewaringslandbou, naamlik min of geen grondversteuring, grond wat permanent bedek is, biodiversiteit of wisselbou, heel jaar groen plante, en vee wat die plantmateriaal vinniger omskakel in mis en urine wat 'n vorm is van organiese materiaal.




# FARMPACK

Farmpack is in 1997 op die been gebring en bestaan dus reeds 20 jaar. Hierdie onderneming verskaf kartonbokse aan die landbou- **én** die nywerheidsbedryf. Die landboubedryf maak by verre die meerderheid van Farmpack se besigheid uit hoewel bestuur hard werk om meer kartonne te lewer aan die nywerheidsektor.

"Ons kan enige kartondoos vervaardig om by die spesifieke behoefte van die boer aan te pas en kan tot drie-kleur-drukwerk doen," sê Stefan Potgieter, algemene bestuurder van die onderneming.

"Ons vervaardig dus 'n baie wye reeks vrugte- en groentekartonne. Piesangkartonne maak die grootste deel uit van ons produksie. Hierna volg papaja- en groentekartonne. Die hoenderbedryf maak ook 'n groot deel uit van ons produksie, wat insluit kartonne vir eiers en dan natuurlik ook kartonne vir bevrore hoenders."

In 2002 het Mpact(voorheen Mondipak) 'n 49% belang in Farmpack bekom.

"Ons koop al ons kartonbord aan by Mpact in die spesifieke grootte en sterkte wat ons benodig vir die spesifieke produkte. Hierdie bord word dan verwerk (gekleur, gesny en gedruk) op ons drukkers en masjiene. Die meeste van ons kartonne word plat in bondels aan ons klante gelewer.



"Platen Die Cutter" karton word gesny en gevou.



Afvalherwinning is baie belangrik omdat daar soveel karton "verlore" gaan met die snywerk. Ter wille van herwinning word die kartonstukkies fyn gekap sodat dit weer op 'n ander manier aangewend kan word





"creaser", word die karton volgens spesifieke groottes gesny.



"Hierdie kartonne word dan met die hand gevou en opgeslaan deur die boer self, of die personeel wat vir hom werk. Dit is handvoukartonne, waarvoor personeel nodig is.

"Ons maak ook kartonne wat deur masjiene gevou, opgeslaan en gegom word. Dit staan bekend as masjienvoukartonne. Ons het 'n paar sentrums in ons gebied waar die kartonne opgeslaan word en dan so aan die boer gelewer word. Dit is vir die boer voordelig omdat hy dan nie arbeid nodig het om kartonne te vou nie.

"In die beginjare het ons so 40 ton kartonbord verwerk in ons aanleg. In hierdie stadium verwerk ons ± 600 ton karton per maand. Ons bedieningsarea sluit in Mpumalanga, Gauteng, Limpopo, Swaziland en Mosambiek," vertel Stefan.

In 2016 het VKB 'n belang gekoop in Farmpack. In hierdie stadium is dit nog nie 'n meerderheidsbelang nie, maar teen 2019 sal VKB 'n 51%- belang hê in Farmpack terwyl Mpact steeds 'n 49% belang sal hê.





**Baie klante verkies om die reeds gevoude kartonbokse te koop. In hierdie afdeling word daardie vouwerk gedoen.**



**So lyk die snyblokke waar HANNA, VRA NET VIR STEFAN WAT WORD OP HIERDIE BLOKKE GEDOEN SODAT ONS DIT BY DIE BYSKRIF KAN BYSIT. DIS INTERESSANTE GOED**





So lyk die drukstukke wat gemaak word waarvolgens die bokse bedruk sal word om die spesifieke klant se naam en logo en toepaslike inligting te verskaf.

En kyk hoe indrukwekkend lyk dit as al die Neofresh-papajas na winkels vervoer word in bokse wat uit Farmpack kom!



## Die Farmpack-span

Stefan sê hy is "oortuig dat Farmpack se sukses tot 'n groot mate te danke is aan ons werkerskorps".

"Ons is baie gesteld daarop om baie aandag te gee aan verhoudings binne ons besigheid. Verder is ons ook redelik streng wanneer dit gaan oor dissipline en alles wat daarmee gepaard gaan. Uit die aard van die saak is daar mense wat operateurs is en ander wat net gewone werkers is. Ons filosofie is dat elkeen doen wat sy hand vind om te doen. Indien 'n operateur nie op 'n spesifieke dag werk het nie, werk hy in die tuin of hy vee die straat buitekant. Die lekkerste is dat almal bereid is om dit te doen."

Die werkerskorps sien as volg daaruit:

Stefan Potgieter – algemene bestuurder
Kobus Engelbrecht – bemarkinsbestuurder
Fanie Combrinck – verteenwoordiger
Leonard Soko – produksiebestuurder
Isrome Nengome – voorraadbestuurder
Joshua Langa – versendinsbestuurder
Fritz Brand – finansiële bestuurder
Hermina Odendaal – rekeningkundige beampte
Gerda Vijoen – ontvangs en administrasie

Daar is tans 48 mense in die fabriek, maar nie almal is permanente werknemers nie. In die hoogseisoen word van tydelike werkers se

So lyk die produksielyn by Neofresh wanneer papajas verpak word.








# 'N KRAGTIGE ERFENIS - ONS HELP BOERE OM DIE WÊRELD TE VOED.

Die Steiger en Quadtrac storie gaan meer as 'n halfeeu terug na 1963. Die wêreld hou aan om meer te eis van jou plaas. Meer kos. Meer graan. Meer brandstof. En dit alles op minder beskikbare grond. Case IH help jou om aan hierdie eise te voldoen met innoverende tegnologie gebore uit boere se werklike behoeftes. Met toerusting wat ongeëwenaarde krag en prestasie lewer, gebou met die wete dat jy maksimum produktiwiteit onder alle toestande benodig - en 'n operateur omgewing wat jou daardeur lei. Die Steiger-reeks trekkers laat jou toe om te boer soos jy goeddink en maak seker jy's altyd gereed vir die uitdagings wat voorlê.

Tindrum 17/057R

NORTHMEC
Established 1869

**Die staal in jou strategie**

Tel 011 9222 300 · Faks 011 9222 358
www.northmec.co.za · www.caseih.com

CASE IH
AGRICULTURE

# Nou rywydtes verhoog sojaboonopbrengs betekenisvol

deur Jacques van Zyl en Robert Steynberg

**Enige boer streef na hoër sojaboonopbrengste per hektaar. Daar is vele bestuurspraktyke wat gemanipuleer kan word om hoër opbrengste te verkry. Boere is egter besig om allerhande fyn aanpassings in hul bewerkingspraktyke aan te bring terwyl daar nog ruimte is om "aan die groot knoppe te draai". 'n Bestuurspraktyk wat 'n besonder groot reaksie op verhoogde opbrengs kan hê, is die gebruik van nou rywydtes. Studies reg oor die wêreld toon dat sojaboonopbrengspotensiaal verhoog met nouer rywydtes.**

Hierdie artikel berig oor navorsing wat die afgelope seisoen in die VKB-gebied gedoen is. Dit staaf verlede seisoen se resultate dat nouer rywydtes ook in VKB se gebied besonder baie voordeel inhou ten opsigte van opbrengsverhoging.

'n Verskeidenheid sojaboonproewe is die afgelope twee jaar by verskillende lokaliteite in die VKB-area gedoen. Verskillende plantdatums, groeiklasse en plantpopulasies is by verskillende rywydtes in statistiese proewe getoets. Nou rye in die proewe het gewissel tussen 38 cm en 50 cm met die konvensionele wyer rye as 76 cm en 91 cm. In die 2015/2016-seisoen, wat 'n uiters warm en ondergemiddelde reënvaljaar was, het nou rywydtes deurgaans by al die groeiklasse en ook verskillende plantpopulasies tot opbrengsverhogings van gemiddeld tussen 500 kg/ha en 700 kg/ha gelei (Figuur 1). By individuele behandelinskombinasies is opbrengsverhogings van tot 1 400 kg/ha gekry met nouer rye. Die gemiddelde opbrengsverhoging oor al die behandelings was 620 kg/ha met nouer rye. Dit dui op 'n 25% opbrengsverhoging wat nouer rye tot gevolg gehad het.

Vanjaar, wat 'n bogemiddelde reënvaljaar was, was daar verwag dat die effek van nouer rye nie so groot sou wees nie, indien enigsins, maar weereens was daar betekenisvolle opbrengsverhogings van tot 1 000kg/ha in individuele behandelingskombinasies, met gemiddeld tussen 200 kg/ha tot 700 kg/ha verhoging oor al die proewe (Figuur 2). 'n Gemiddelde opbrengsverhoging van 350 kg/ha is in nou rye verkry oor al die behandelings. Teen 'n sojaboonprys van R4 500/t, werk dit uit op R1 575/ha addisionele inkomste. Hierdie voordeel was in die vorige droë jaar R2 790/ha. Deur te kyk na hierdie potensiële Randwaarde wat nou rye inhou, moet die boer vir homself afvra of dit vir hom die moeite werd sal wees om na nouer rye oor te slaan, want daar is ook ander praktiese oorwegings.

Daar is verskeie redes hoekom nou rywydtes by sojabone tot verhoogde opbrengste lei. Nouer rywydtes onderskep meer lig vroeër in die seisoen en die blaredak maak ook rye vinniger toe as by wyer rye (Foto 1). Gepaard met effektiewer ligonderskepping/benutting word water ook beter benut deurdat die hele oppervlakte van die land vinniger onder plantegroei is, wat verdampingsverliese beperk. Die verhoogde of meer effektiewe onderskepping van sonlig asook beter waterbenutting lei tot verhoogde gewasgroeitempo, droëmateriaalproduksie en opbrengspotensiaal. Nouer rye verhoog ook die kompetisievermoë van sojabone met onkruide deurdat die skadu-effek van die vinniger vormende blaredak die opkoms en groei van onkruide onderdruk. Met hierdie voordeel kan daar met minder onkruidbespuitings oor die weg gekom word. Dit behoort ook voordelig te wees as hael plantestand uitdun tot 'n

vlak waar 'n mens nie noodwendig hoef oor te plant nie. Dit is ook goeie versekering tydens 'n droë jaar om nouer rye te plant waar bykomstige rye gunstig kan wees vir 'n goeie opbrengs.

Daar is wel sekere uitdagings wat met nouer rywydtes gepaardgaan. Die persepsie bestaan dat nouer rywydtes by sojabone omgewingstoestande kan skep wat meer gunstig is vir sekere siektes soos Sclerotinia. Dit is dalk nie heeltemal regverdig om nouer rye die skuld te gee vir Sclerotinia-ontwikkeling nie. Hierdie jaar is Sclerotinia in wye rye gevind, waar geen Sclerotinia oorkant die grensdraad by 'n boer wat nou rye plant, gevind is nie. Gemiddelde temperature van tussen 16 °C en 21 °C is bevordelik vir Sclerotinia en rywydte het daarmee niks te doen nie. Daar is egter nog vogtigheid en die voorkoms van die patogeen-inokulum wat 'n rol speel. 'n Manier om hierdie probleem te beheer, is deur vinniger groeiende kultivars te plant. Vinnige groeiers het kleiner groeiwyses wat meer geskik is vir nou rye en is ook gewoonlik einde Maart reeds fisiologies ryp. Hierdie periode in die seisoen is die tydperk wanneer temperature genoeg begin daal vir Sclerotinia-ontwikkeling om plaas te vind mits die vogtoestande gunstig is. Vinnige groeiers en vroeë aanplantings kan dus lei tot ontwyking van die siekte.

**Die afgelope twee jaar se resultate toon besliste opbrengsverhogings wat gekry word met nouer rywydtes op sojabone. Indien hierdie basiese praktyk suksesvol aangepas kan word, kan die langtermyn gemiddelde opbrengs van sojabone teoreties met ongeveer 30% toeneem. Dit kan tot soveel soos 'n addisionele R200 miljoen vir VKB se produsente beteken en elke produsent moet maar vir homself besluit of hy daaraan deel kan hê of nie.**





Fig 1. *Gemiddelde sojaboonopbrengs vir verskillende groeiklasse en rywydtes tydens die 2015/2016-seisoen (gemiddelde waardes vir vier plantpopulasies)*






Fig 2. *Gemiddelde sojaboonopbrengs vir verskillende groeiklasse en rywydtes tydens die 2016/2017-seisoen (gemiddelde waardes vir vier plantpopulasies)*





Foto 1. *Nou rye (links) waar die blaardak al heeltemal toegemaak het teenoor wyer rye (regs) waar dit nog 'n tyd gaan neem voordat die blaardak toemaak.*




# SAAM BOER ONS VIR DIE TOEKOMS

**So veelsydig en aanpasbaar as wat jou boerdery vereis.**

Voergewasse waarop jy kan staatmaak. Ons veelsydige weidingspakket lewer voer met 'n hoë-drakrag en smaaklikheid en is geskik vir melk-, vleisbees- of skaapproduksie.

www.pannar.com | infoserve@pannar.co.za

TM

| Lusern | Intensiewe Grasse | Droëland Wintergewasse | Eenjarige Subtropiese Gewasse |
|---|---|---|---|
| Dormansieklasse 7 en 9, weiding en hooitipes | Eenjarige Raaigras<br>Meerjarige Raaigras | Hawer<br>Korog<br>Stoelrog<br>Japannese Radys | Voersorghums<br>Tef |

PANNAR®

® Geregistreerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2017 PANNAR BPK
2017/WEIDING/A/18COMBO



# 20 ton opbrengste

## by mielies in SA word stadig maar seker 'n werklikheid



Benewens die winsgewendheid van hoër opbrengste by veral besproeiingsmielies, het die uitdaging by baie boere posgevat om hul opbrengste onder spilpunte só te verhoog dat die magiese kerf van 20 ton per hektaar bereik en in sekere gevalle wel behaal en oorskry word.

Die bereiking van hierdie tipe opbrengste gaan gepaard met 'n paar aspekte wat direkte gevolge het op die reaksie van die mielieplant. Ons moet onthou dat vandag se mieliebasters wel oor die potensiaal beskik om tot en met 30 ton per hektaar te kan behaal voordat die saad aan al die omgewingselemente blootgestel word.

**deur Joe Payne, landboukundige**



**Keuse van die mieliebaster**: Dit word beklemtoon dat slegs die ultravinnige, geel tipe mieliebasters vanaf die "Cornbelt"-gedeeltes van die VSA hierdie potensiaal besit om die opbrengste te kan behaal. Dit kan grootliks toegeskryf word aan die plante se genetiese eienskappe om teen baie hoë plantestand van tot 110 000 plante per hektaar te kan hanteer sonder om noemenswaardig om te val. Kopgrootte moet dus stabiel en dieselfde bly teen hierdie hoë plantestand wat die voordeel bied van plante wat nie hulle kopgrootte te veel verklein onder hierdie tipe plantestanddruk nie. Hierdie basters word uitsluitlik geteel om enkelkoppig te wees, pitte met 'n swaar skepelmassa te vorm en om hoëpotensiaaltoestande optimaal te benut wat water en bemesting insluit. 'n Goeie voorbeeld van so 'n tipe mieliebaster is PANNAR se BioGene 3-reeks wat die laaste paar jaar boere se gemiddelde opbrengste per hektaar heelwat verhoog het, veral in die koeler oostelike dele soos Standerton en Vrede. Hoewel daar ook ultravinnige wit basters is wat teen 80 000 plante per hektaar aangeplant kan word, is dit steeds die geel basters wat die kroon dra in hierdie segment van die uitblinkers!

**Siektevoorkoming:** Onthou dat in hierdie sisteem, waar daar absoluut die beste van die mieliebaster verwag word, die druk op siektes in die land ook toeneem, en daarom is dit belangrik om gesonde, vars saad te plant met die nodige saadbehandelings, soos byvoorbeeld Maxim® Quattro plus Cruiser® plus Triadimenol wat PANNAR as behandeling bied wat uit vier verskillende swamdoders en Cruiser vir insekbeheer bestaan. Verder is die gebruik van 'n swamdoder-blaarbespuitingsprogram ononderhandelbaar. Hou in gedagte dat hoe vinniger die groeiseisoen van 'n mielieplant is, hoe meer is die baster oor die algemeen sensitief vir siektes. Daarom moet die opbrengspotensiaal beskerm word deur voorkomende swamdoderbespuitings toe te pas. Ons verwys in die volksmond na ultravinnige mieliebasters as resiesperde, en dit som die gedrag van die plante eintlik mooi op, want hulle is geteel om die resies so vinnig as moontlik te voltooi met die beste resultate.

PANNAR bied as hulpmiddel ook die Yieldboost®-swamdoderspuitprogram wat 'n uitvloeisel van PANNAR SAAD se navorsing is, waar 'n reeks unieke swamdoderspuitprogramme ontwikkel is om die beste resultate te verseker.

**Grond en bemesting**: Dit is belangrik om te onthou dat goed gedreineerde gronde die beste moontlike kans op hierdie tipe opbrengste bied. Waterskedulering is van kardinale belang. In baie gevalle waar nie van skedulering gebruik gemaak word nie, kan met oorbesproeiing versuiptoestande geskep word wat gemanifesteer word deur wortels wat net onder die grondoppervlak 'n klos vorm om 'n bottelborsel-effek te vorm.

Om rekords te breek, moet die grond se chemiese balans presies reg wees. Dit sluit die pH en die mikro-elemente in. Die elemente in die grond werk altyd in wisselwerking met

mekaar en daarom is dit raadsaam om breër te kyk as net die hoof-makro-elemente N, P en K. Die makro-elemante N, P en K maak 86% van die totale voeding van die mielieplant uit. Kalsium, swael en magnesium se bydrae is 13% en slegs 1% word verkry vanaf boor, chloor, yster en mangaan.

Daar is ook al met proewe gevind dat vyf tot ses topbemestings versprei deur die groeiseisoen 'n baie beter effek op die oes het teenoor die tradisionele een tot twee toedienings van topbemesting. Die gebruik van $KN0_3$ (kaliumnitraat) met die heel laaste topbemesting het ook 'n positiewer effek op opbrengs in vergelyking met ammoniumnitraat of ureum.

**Onkruidbeheer:** Dit is alombekend dat die mielieplant teen die V5- of 5-blaarstadium die opbrengspotensiaal vaslê en daarom moet daar op hierdie sensitiewe stadium geen onkruiddruk of stremming van watter aard ook al voorkom nie. Gebruik chemiese middels altyd teen die aanbevole dosis. Daar moet in ag geneem word dat die mielieplant die chemiese bespuitingsmiddels ook moet metaboliseer en waar hoër dosisse as wat voorgeskryf is, toegedien word, die plant uiteraard langer sal neem om dit af te breek, wat meer energie benodig en dit kan die opbrengs beïnvloed. Té hoë dosisse kan selfs fitotoksies wees en die plant letterlik vergiftig.

**Die maak of breek:** Daar moet altyd in ag geneem word dat alle produksiepogings en insette nie in afsondering werk nie, maar in 'n sisteem waar al die verskillende faktore komplimenterend tot mekaar plaasvind. Poog om elke fasset betrokke by die produksie van 'n gewas, hetsy dit bewerking, besproeiing, chemiese middels, kunsmistoediening en selfs die opleiding van arbeid, elke jaar te verbeter. Dit beteken optimalisering van hulpbronne en nie noodwendig die maksimalisering daarvan nie. Dit behoort die produsent in staat te stel om konstant met klein intervalle te groei.



# Getuigskrifte

By PANNAR word daarop gefokus om die beste genetika aan die Suid-Afrikaanse produsent beskikbaar te stel en daar is by twee boere kers opgesteek om te hoor wat hulle doen om opbrengste jaarliks te verhoog. Hierdie boere kon die afgelope paar jaar konstant daarin slaag om hul opbrengste nader aan 20 ton per hektaar te kry en saam met PANNAR na die antwoorde te soek hoe om die magiese 20 ton-merk te bereik en dalk in die toekoms te oorskry.



"Ons mikpunt is om 'n oes van sowat 18 ton/ha te behaal. Die afgelope seisoen is 19,1 ton/ha gemiddeld by 'n spesifieke spilpunt gestroop."

Met 'n hoë plantstand van 100 000 plante per hektaar onder besproeiing is dit wel moontlik om met 'n enkelkoppige baster, soos BG 3492B, sulke syfers te behaal. Die oes kan selfs die kerf van 20 t/ha bereik."

***Mnr. Christo Cronje van Vrede***



"PANNAR se BG 3292 van die BIOGENE-reeks ultravinnige basters het my gehelp om deur my plafon te breek en my gemiddelde opbrengste van my spilpunte te verhoog. Die baster se stabiliteit het my veral beïndruk en ek het oor die afgelope vier jaar daarin geslaag om my opbrengste te verhoog en ek weet die baster is in staat om die 20 ton-merk te kan bereik en selfs te oorskry. Ek kon dit die afgelope drie jaar sien met van my besproeiingslande wat tot 18 ton per hektaar gemiddeld gelewer het.

***Mnr. Johann Pistorius van Val naby Standerton***

UNITED SEEDS

## Geel Mielie Strook Proewe Vrystaat 2017

| | |
|---|---|
| Marquard, Nant Yzzel. | US9610 Eerste(uit 20) met 7.55 ton/ha |
| | US9612 Vierde(uit 20) met 6.85 ton/ha |
| Arlington Puaciflora | US9616 Tweede(uit 23) met 10.74 ton/ha |
| | US9610 Vierde (uit 23) met 9.63 ton/ha |
| Clocolan AJ van Rooyen | US9612 Eerste (uit 21) met 9.10 ton/ha |
| | US9614 Vyfde (uit 21) met 8.33 ton/ha |
| Bloemfontein L Schlebusch | US9610 Eerste(uit 14) met 3.17 ton/ha |
| Fouriesburg Jan Scheepers | US9612 Tiende(uit 24) met 9.32 ton/ha |
| Petrus Steyn Sonop BV | US9610 Negende (uit 26) met 9.03 ton/ha |
| Warden Gryskop | US9614 Tweede (uit 39) stroopopbrengs 8.01ton/ha |

## Geel Mielie Strook Proewe Vrystaat 2011-2016

| | |
|---|---|
| Petrus Steyn Sonop BV | 2011 US9620 Eerste(uit24) met 5.3 ton/ha |
| Petrus Steyn Sonop BV | 2012 US9610 Derde(uit13) met 3.41 ton/ha |
| Petrus Steyn Sonop BV | 2013 US9610 Vyfde(uit 23) met 6.03 ton/ha |
| Vrede ABJ Boerdery | 2013 US9610 Eerste(uit 12) met 5.96 ton/ha |
| Ficksburg Jan v Niekerk | 2014 US9610 Vierde(uit 21) met 11.39 ton/ha |
| Fouriesburg J Scheepers | 2012 US9610 Vyfde(uit 12) met 7.0 ton/ha |
| Fouriesburg J Scheepers | 2013 US9610 Tweede(uit12) met 7.99 ton/ha |
| Fouriesburg J Scheepers | 2014 US9610 Twaalfde(uit 23) met 10.45 ton/ha |
| Warden HJ v. Rensburg | 2014 US9610 Derde (uit 21) met 7.22 ton/ha |
| Warden Theuns Brooks | 2015 US9610 Derde(uit 21) met 4.58 ton/ha |
| Excelsior Bertus Wessels | 2013 US9610 Eerste(uit18 )met 3.83 ton/ha |
| Excelsior Bertus Wessels | 2015 US9610 Eerste(uit 12) met 2.53 ton/ha |
| Marquard Nant Yzzel | 2015 US9610Tweede(uit 21) met 1.84 ton/ha |
| Petrus Steyn Sonop BV | 2012 USS9610 Derde(uit13) met 3.41 ton/ha |
| Frankfort Glen AlphenTrust | 2014 US9610 Vierde(uit 15) met 5.04 ton/ha |
| Reitz Wilternand BDY | 2013 US9610 Vyfde(uit 18)met 5.48 ton/ha |

## Wit Mielie Strook Proewe Vrystaat 2017

| | |
|---|---|
| Bertus Wessels Excelsior | US9777 Vierde(uit 21) met 6.03 ton/ha |
| Ficksburg Van Niekerk | US9777 Tweede(uit19) met 10.47ton/ha |
| | US9711 Derde(uit 19) met 10.46 ton/ha |
| Fouriesburg | US9711 Sesde(uit12) met 8.95 ton/ha |

## Wit Mielie StrookProewe ander Areas 2017

| | |
|---|---|
| Chrissiesmeer F Uys | US9711 Derde(uit 24)stroopopbrengs 10.03 ton/ha |
| | US9777 Sesde(uit 24)stroopopbrengs 9.83 ton/ha |
| Middelburg Charles Botha | US9777 Derde(uit 24) met 10.03 ton/ha |
| | US9711 Sesde (uit 24) met 9.38 ton/ha |

## Bekostigbaarheid

Die laer plantestand per hektaar wat aanbeveel word vir meerkoppige kultivars, plus die prys van byvoorbeeld US 9610 van R1420.00 per 60 000 pitte, kan dit groot besparings op jou saadaankope meebring.

## United Seeds Kultivars

Geelmielies(Nie-GMO): US9610, US9612(nuut), US9616(nuut),US9800 (nuwe kuilvoer)
Geelmielies Roundup Ready(GMO): USL9690R* en USL9696R*
Witmielies(Nie-GMO): US9755, US9711 (nuut) en US9777 (nuut)

Ons verkies dat nuwe kliënte ons kultivars op hulle eie plase toets en verskaf dan graag toetsmateriaal vir die doel. Kontak Bemarking om dit te reël.

# United Seeds Kultivars presteer




Aanpasbaar Bestendigheid




Hitte verdraagsaamheid
Goeie bestuiwing 2015



Meerkoppigheid



Siekte verdraagsaamheid




Nuwe Wit Baster

Roundup Ready. CORN 2

Hoofkantoor - James Wickens 083 230 8444
Bemarking - Wykie van der Merwe 083 2873699

www.unitedseeds.co.za

* Roundup Ready is geregistreerde handelsmerk van Monsanto Technology TLC

# Hoe skadelik is BVD vir my **beeskudde?**



## Wat is BVD?

Beesvirus-diaree (BVD) word veroorsaak deur 'n virus wat oorgedra word van een bees na 'n ander. Die virus veroorsaak verskeie reproduksie- en produksieprobleme.

'n Bees wat met die BVD-virus besmet is, skei die virus in alle vloeistowwe uit. Gewoonlik sien 'n mens geen kliniese simptome nie, wat beteken dat dit baie moeilik is om diere te identifiseer wat besmet is.

As 'n koei dragtig is wanneer sy besmet word, is daar verskeie gevolge, afhangend van die stadium van dragtigheid. Binne die eerste drie weke word die fetus geresorbeer en die dier sal weer hitte-tekens wys. Die gevaartydperk is tussen drie weke en vier maande van dragtigheid. In hierdie tydperk word die fetus besmet en word dit as 'n blywend geïnfekteerde (PI) dier gebore. Hierdie dier is 'n aanhoudende bron van infeksie vir die res van die kudde.

Ander gevolge van BVD is: Verlaagde konsepsiesyfers, verlaagde dragtigheidsyfers, verlaagde melkopbrengs en 'n verhoging in siektes soos mastitis en vrotpootjie. Die BVD-virus veroorsaak ook gereeld aborsies.

Dit is baie belangrik om teelkuddes jaarliks met 'n dooie entstof in te ent, wat fetusse teen die virus sal beskerm.

## Wat is die belang van beesvirus-diaree (BVD) in die Suid-Afrikaanse beesbedryf

Beesvirus-diaree (BVD) is 'n hoogs aansteeklike siekte wat gekenmerk word deur onderdrukking van die immuunstelsel. Besmette diere is dus baie vatbaar vir ander siektes. Die siekte kan in verskillende sindrome in 'n kudde manifesteer, soos 'n ligte diarree (maagwerking) en meeste diere herstel spontaan. Wat van groot ekonomiese belang is, is die affiniteit wat die virus toon vir die ongebore kalf. Indien 'n dragtige koei wat nie immuun is teen die siekte nie aan die virus blootgestel word, kan dit aanleiding gee tot die afsterwe van die embrio, aborsies of aangebore defekte in die kalf.





Die hoofbron van besmetting in 'n kudde is permanente besmette diere. Indien 'n vroulike dier wat nie immuun is teen BVD nie gedurende dag 42 tot dag 125 van dragtigheid aan die virus blootgestel word, ontwikkel die fetus 'n immuno-tolleransie teen die virus, met ander woorde die fetus verloor die vermoë om 'n immuniteit teen die siekte te ontwikkel en bly 'n permanente draer van die virus vir die res van sy lewe. Permanente besmette diere is gewoonlik, maar nie altyd nie, tingerig en is baie vatbaar vir ander siektes.

Groot hoeveelhede virusse word periodiek deur hierdie diere vrygestel, veral as hulle onder spanning is soos byvoorbeeld in voerkrale. Navorsing het getoon dat ongeveer 6-8% van kalwers in voerkrale wat meer as een keer behandel moet word vir veral longontsteking, permanente besmette diere is. Die voorkoms van permanente besmette diere in kommersiële kuddes is ongeveer 1-2%.

Indien 'n kudde 'n geskiedenis van swak reproduksie het, insluitende swak konsepsiesyfers, aborsies of kalwers met aangebore defekte, is BVD 'n moontlike oorsaak. Dit is noodsaaklik dat ander siektes soos besmetlike misgeboorte, vibriose en trigomoniase uitgeskakel word. Beesvirus-diarree kan beheer word deur permanente besmette draers uit die kudde te verwyder, tesame met die oordeelkundige gebruik van entstowwe.

Bespreek 'n inentingsprogram met u plaaslike veearts.

Daar is meer as een metode om permanente besmette draers te identifiseer. Die mees algemene metode is om 'n klein stukkie vel, byvoorbeeld 'n oorknip van die betrokke diere, in 10% formalien te kollekteer. Die monster moet dan so gou moontlik na die








BEESVET 33+

**Beesvet 33+** is 'n spesiaal-geformuleerde proteïenkonsentraat wat in 'n volvoer- sowel as 'n kafeteria-afrondingstelsel aangewend kan word. **Beesvet 33+** verseker ekonomiese vleisbeesafronding met die laagste koste per kg massatoename. Dit bevat 'n groei-bevorderaar wat voeromset en groei in beeste bevorder, asook voedingsteurnisse en koksidiose teenwerk om maksimum wins te verseker. Met **Beesvet 33+** sien jy nie net die verskil nie, jy voel dit ook aan jou sak.

MOLATEK

Vir meer inligting oor spesifieke voere en dienste, kontak: **MOLATEK:** +27(0)31 791-1036 | www.molatek.co.za | **RCL FOODS:** www.rclfoods.com
Beesvet 33+ (V17357) (Wet 36 van 1947)

Fakulteit Veeartsenykunde, Histopatologie Laboratorium, Onderstepoort, gestuur word vir ontleding. Indien u meer inligting insake hierdie aangeleentheid verlang, skakel u plaaslike veearts, of Diagnostiese Laboratorium of Prof. Leon Prozesky by 012 529 8054.

## BDV-entstof en aborsie

Eerstens is dit 'n aanvaarde praktyk om verse vóór hulle gedek word teen BVD (beesvirus-diarree) in te ent. Wat baie belangrik is, is om 'n goeie immuniseringsprogram te volg.

Indien 'n gemodifiseerde lewende virus-entstof gebruik word en die eerste inenting tydens speentyd gegee word, is dit baie raadsaam om dit vier tot ses weke later met 'n skraagdosis op te volg. Wat ons moet onthou, is dat ons 'n fetus wil beskerm. Gevolglik moet daar weer 'n maand voor teling ingeënt word.

Die rede vir BVD-verwante aborsies is dikwels toe te skryf aan veldvirusuitdaging. Virusuitskeiding kan óf van 'n siek bees af kom wat die virus tydens die teelseisoen uitgeskei het, of van 'n besmette draerdier, wat permanent met BVD besmet is en voortdurend die virus uitskei. Daar is goeie toetse beskikbaar om die draers te identifiseer en uit die kudde te verwyder.





# Gebruik van BVD-entstowwe

Titanium 5 (G3413, Wet 36 van 1947) is 'n gevriesdroogde, gemodifiseerde lewende entstof en bevat lewende virusstamme van besmetlike bees rinotrageïtis (IBR), beesvirus-diarree (BVD) tipe 1 en 2, parainfluensa 3 ($PI_3$) en bees-respiratoriese sinsitiale virus (BRSV).

Daar is geen werk gedoen wat ek kon kry om te bepaal wat die minimum tyd is wat benodig word tussen 2 titanium-inentings nie. Titanium is 'n lewende entstof en een inenting per jaar is voldoende om jaarlikse beskerming te gee.

As beskerming van die fetus teen BVD verkry wil word deur die jaarlikse inenting van dragtige diere sonder om vir aborsies te vrees, word twee inentings met titanium vereis voor die eerste keer dat die vroulike dier dragtig word in haar lewe. Anders gestel, voor haar eerste dragtigheid moet die vers minstens twee keer met titanium geënt word. Aanbeveling is dat een inenting op speenouderdom (sewe maande vir vleisbeesvers) en 'n tweede inenting met titanium weer 'n maand voor teel of KI gegee word.

As aangeneem word dat die dier op 24 maande gaan kalf en die eerste enting op sewe maande gedoen word, dan is die tydverloop tussen die twee inentings sewe maande as die verse op 15 maande gedek of geïnsemineer word.

Verse word die eerste keer op ses tot sewe maande geënt omdat die maternale beskerming (biesmelkbeskerming) tussen 114 en 142 dae is, afhangende of daar van BVD tipe 1 of 2 gepraat word. Daar wil nie ingeënt word as maternale beskerming nog teenwoordig is nie omdat aktiewe en maternale immuniteit met mekaar inmeng.

Dit is bekend dat geïnaktiveerde (dooie) entstowwe ongeveer vier maande immunologiese beskerming ná die eerste enting verskaf en gemodifiseerde lewende entstof 12 en tot soveel as 18 maande bekerming ná 'n enkele inenting verskaf.

Die tweede inenting moet dus nie minder as een maand voor dekking gegee word nie. In die jare wat volg, kan koeie dan ingeënt word sonder die gevaar van aborsies wat mag voorkom.

Dit is belangrik om aan te hou om titanium te gebruik sodat daar met verloop van tyd die kans dat permanent besmette diere (PI) sal voorkom, verminder sal word, deurdat inenting met titanium fetale beskerming verleen in die dragtige dier. Die ontstaan van PI-diere sal beperk word.

### Artikel saamgestel uit skrywes deur:


**Dr. Martin Ferreira**

**Drs. Willie Smith, Eben du Preez en Faffa Malan**

**Dr. Lourens Havenga, Animalia**

**Prof. Leon Prozesky, Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria.**


**Bron: www.landbou.com**




## Geldig 1 September tot 31 Desember 2017

Verhoog die winsgewendheid van jou braaikuiken Boerdery met Nu-Pro se hoë kwaliteit braaikuiken reeks teen ongelooflike lae pryse

**PRODUKTE OP SPESIALE AANBOD:**

- **Braaikuiken Aanvangs.**
- **Braaikuiken Groei.**
- **Braaikuiken Afrond.**

## BESOEK JOU NAASTE KOÖPERASIETAK VIR VOORRAAD

Nu-Pro Voere (Edms). Bpk
Tel: 058 303 9587/9 • Faks: 058 303 7062
www.nupro.co.za




deur Delene Snyman

# Super-Sure
## Super lekker

VKB Bakkery in Polokwane is die plek waar die lekkerste brood in die hele Limpopo gebak word. Super-Sure-brode voldoen aan die strengste vereistes en word gemaak met die lekkerste bestanddele en 'n wenresep. Boonop is Jaco Matthee, Ina Taute en die res van die span passievol oor hulle werk. Só passievol dat Jaco 'n traan gestort het toe die eerste brood uit die oond gekom het!

Anders as die ander bakkerye van VKB, was die bakkery in Polokwane nie in bedryf toe VKB dit oorgeneem het nie. Die gebou was daar, die toerusting en oonde was daar, maar dit was al. Vir bykans 'n jaar is geen brood op hierdie perseel gebak nie en was daar geen personeel meer oor nie.

Jaco Matthee is op 1 April aangestel as bestuurder van 'n dop en binnegoed, maar geen hartklop nie. Hy moes kom lewe blaas in 'n dormante bakkery. Gelukkig het Jaco oor al die nodige kennis en ervaring beskik aangesien hy reeds etlike jare in die bedryf staan. Maar alleen kon hy dit nie doen nie. Kurt van Rooyen van VKB Reitz het hom bygestaan en in 'n japtrap het hulle 'n span bymekaar gehad wat oor die nodige kennis en vaardigheid beskik om bobaas-bakkers te wees. Ina Taute het met 17 jaar ondervinding in die bedryf by die span aangesluit en van daar kon dinge net gebeur!

Daar moes nog 'n paar dinge gedoen word voor die bakproses kon begin. Toerusting moes skoongemaak en herstel word en vragmotors moes kentekens op kry en gediens word. Eers toe al die voorbereiding afgehandel was, kon Jaco die besluit neem dat brood gebak kan word. Op 24 Mei is die eerste brood gebak. Dit was 'n emosionele storie en vir Jaco persoonlik 'n droom wat waar geword het. Dit was nog altyd sy droom om die bestuurder van 'n suksesvolle bakkery te wees en die eerste brood was die eerste tree in die bereiking van hierdie droom.
Die bakproses is vir die leek 'n ingewikkelde proses, maar

vir Jaco en sy span is dit 'n logiese pad van meel na brood. Dit is egter geweldig interessant om te sien hoe meel uit 'n sak geskep word en twee ure later smul jy aan die lekkerste, sagste brood.
Super-Sure se bestanddele is alles VKB se eie. Koring word in die Vrystaat gemaal en die "pre-mix" kom van VKB Kromdraai af. In hierdie "pre-mix" lê die geheim en alhoewel broodbak geen geheime resep is nie, is die "pre-mix" die geheim wat die smaak bepaal. En Super-Sure smaak super lekker!
Die Polokwane Bakkery het die eerste aflewerings in die buitewyke van Polokwane gaan bemark. Dit het die opposisie onkant gevang! Hulle strategie was om van buite af binnetoe te werk om die mark binne te dring. Om mense te oorreed om Super-Sure te koop, moes hulle al baie brode weggee, maar stadig maar seker is hulle besig om in die mark te kom.

Jaco verduidelik dat daar drie posisies is waarin 'n bakkery homself kan posisioneer in die mark:

1. Goedkoopste prys – jaag volumes
2. Duur prys – volumes onbelangrik
3. Tussen bogenoemde.

Super-Sure wil brood teen billike pryse lewer, maar steeds volumes najaag. Hulle is besig om strategieë uit te werk om die beste produk teen 'n goeie prys te lewer.
Verder is dit in die beplanning dat ons eie brood in ons eie handelstakke beskikbaar sal wees asook in ons eie depots wat onder bestuur van Johan Jones staan. Logisties is dit egter moeilik met die aantal afleweringsvoertuie tot die bakkery se beskikking, maar soos hulle sê: Rome is nie in een dag gebou nie – dinge sal nog gebeur. Jaco wil graag saam met die goed gevestigde handelsnaam van Magnifisan die mark binnedring.
Die broodmark is 'n komplekse mark met groot rolspelers wat gevestigde handelsname het. Nie dat dit VKB of Jaco afskrik nie. By die bakkery in Polokwane, en dus by Super-Sure, doen hulle die dinge reg. Dit bly egter 'n uitdaging om daagliks 'n vars produk met 'n beperkte raklewe die mark in te stoot.
Polokwane se bakkery is nog in sy babaskoene en hulle besef daar is nog baie om reg te kry, maar omdat hulle die besigheid op Christelike beginsels bedryf, weet hulle sukses sal kom. Vir elkeen is dit 'n geloofsaak, vir elkeen is dit meer as net 'n werk – dis 'n roeping want brood is die stapelvoedsel van meeste huishoudings in ons land. Limpopo het Super-Sure broodnodig!

## Bestuurspan

Hoewel net Jaco Matthee en Ina Taute die posbenaming as bestuurders het, vorm ander personeel deel van die dagbestuur. Hulle neem elkeen verantwoordelikheid van hulle taak en Jaco moedig deelnemende bestuur aan. Om die tafel is niemand bang om reguit te praat tot voordeel van die bakkery nie. Elkeen heg groot waarde aan Christelike beginsels en daarom maak hulle beurte om die dag met gebed te open.

Die dagbestuur is:
Frans Kekae – instandhouding
Ryno de Bruyn – ontvangsklerk en gesondheid en veiligheid
Phineas Hloaela – produksietoesighouer
Ina Taute – administratiewe bestuurder
William Rameetse – roetekontroleur
Jerry Mpashi – verspreidingsklerk
Jaco Matthee – hoofbestuurder
Tersia Caldwell doen debiteure, krediteure en ontvangs.
Daar is altesaam 27 personeellede.

*Hapiness in each slice*
















deur Tasneem Rossouw

# Landbou as kuns

## Siergroentetuine

***We have neglected the truth that a good farmer is a craftsman of the highest order, a kind of artist.***
**- Wendell Berry -**

Siergroentetuine is 'n ou konsep waar jy 'n kombuistuin aanplant, weg van jou ornamentele tuin, met die uitsluitlike doel om kos vir die huishouding aan te plant. Wat dit onderskei van jou gewone groentetuin is dat dit spesiaal ontwerp word om nie net mooi nie, maar ook funksioneel te wees reg deur die jaar.

Die hedendaagse mens is hul lewensgehalte verskuldig aan twee groot geskiedkundige ontwikkelings, naamlik kuns en landbou. Die skepping van kuns is deel van wat ons mense maak: geen ander bekende spesie op aarde spandeer tyd en energie op hierdie ekspressiewe aktiwiteit nie. Die ontwikkeling van landbou is een van die hoofredes waarom so baie mense vandag die geleentheid hét om tyd te spandeer om kuns te skep. So, ons is veral gelukkig om landbou in ons wêrelde te hê, en veral dankbaar vir die bydrae daarvan om die moontlikhede van kunsskepping uit te brei, want kunsskepping is 'n deel van wat ons mens maak. Die aanplant van 'n siergroentetuin is een voorbeeld van waar kuns en landbou mekaar ontmoet.



Siergroentetuine (ook bekend as "Potager gardens") word weer al hoe gewilder, deels omdat dit 'n wonderlike manier is om die koste van kos te besnoei. As jy eers die aanvanklike energie en fondse ingesit het om die ruimte te vestig, sal 'n siergroentetuin regdeur die jaar vir jou voorsien terwyl dit baie min kos in terme van geld en onderhoud.

So, ons weet dit produseer voedsel – net soos enige ander boederypraktyk – maar wat maak dit 'n voorbeeld van waar kuns en landbou mekaar ontmoet? Om dit te verduidelik, kom ons kyk na wat kuns kan wees...

Kuns is 'n intrinsieke menslike praktyk wat tergelykertyd nie altyd baie goed verstaan word nie, en tog is dit integraal tot sosiale gesondheid. Gemeenskappe en samelewings word gedefinieer deur hulle kulturele praktyke, en geskiedkundig onthou en verstaan veral deur die kuns wat hulle geskep het, want dit is 'n deel van hulle kulturele bedrywighede wat agterbly – iets tasbaars. Met ander woorde, jy kan baie van 'n gemeenskap te wete kom deur te kyk na die kuns wat in daardie gemeenskap geskep is, die kuns wat deur daardie gemeenskap waardeer is, en die posisie van die kunstenaar ín daardie gemeenskap. Wie is die kunstenaars wat in daardie tyd gewild was? Hoeveel van hulle is praktiserende kunstenaars en hoeveel word eers ná hul dood van waarde geskat? Hoe is hulle kuns, en watter deel van die samelewing vind aanklank daarby? Byvoorbeeld, baie van die kunstenaars wat nou as meesters gereken word, soos Vincent van Gogh en Paul Gauguin, het nie in hulle leeftyd groot of kommersiële sukses behaal nie. Inteendeel, die werke van baie kunstenaars wat in haaglike armoede gesterf het, haal nou buitensporige pryse op die kunsmark. En tog, ten spyte daarvan dat jou werk as kunstenaar nie erkenning gaan kry, vir jou 'n reputasie gaan opbou of kos op jou tafel besorg nie, doen baie van ons dit steeds. So, wat maak dit so belangrik?

Kuns is baie dinge. Belangrik is dat dit die lens is waardeur enige gemeenskap of samelewing geken word. Om te verstaan hoe die lewe op 'n spesifieke tyd was, wend ons ons dikwels tot die interpretasie van die kunswerke uit daardie era. Byvoorbeeld, om 'n begrip te vorm van

hoe die lewe in Wes-Europa in die middel tot laat 1800's was, bestudeer ons die vorm en konteks van Vincent van Gogh se skilderye (sien Figuur 2). Ons kyk na die skildery op sigself, sy komposisie of samesteling en die onderwerp, die materiaal en die konteks waarin dit gebruik is. Ons ontleed dit ook in verhouding tot die werk van ander kunstenaars wat in dieselfde era geskep is. Deur die skildery in toenemend komplekse konteks-matrikse te verstaan, werp vir ons lig op hoe die lewe moes gewees het in daardie tyd omdat ons die beperkinge en smake van die gemeenskap waarin die kunstenaar geleef het, begin verstaan. Met ander woorde, kuns is 'n oorlewingsmeganisme vir enige kultuur, want dit is deur hul kuns dat ons die kultuur leer ken.



[Figuure 2: Van Gogh se *Sonneblomme*. Let op dat landbou as kunsonderwerp gebruik word, teenoor hierdie artikel waar daar na transformasies van landbou as kunsvóórwerp gekyk word.]

Kuns is esteties. Dit beteken nie dat alle kuns mooi is nie, want die begrip "mooi" is subjektief. Maar 'n gedeelte van hoe elke kunswerk sy punt maak, is deur sy relatiewe oriëntasie tot wat as mooi beskou is in die tyd toe dit geskep is. As 'n kunstenaar iets skep wat as uitsonderlik lelik beskou word, is een moontlike rede daarvoor dat dit so ver afwyk van die algemene idee van wat mooi is op daardie tydstip, dat dit die aandag vestig op daardie stuk en die punt wat dit wil maak op so 'n manier dat dit nie esteties aangenaam is nie. Op dié manier, deur sy instrinsieke verhouding tot skoonheid, het kuns die mag om oomblikke van skoonheid voor ons te plaas wat hoop bring in 'n donker wêreld. Dit het ook die mag om die komplekse menslike ervaring te normaliseer, van oomblike van genade tot pyn, op grond van die feit dat sy blote bestaan beteken dat die kyker wat voor daardie kunswerk staan en daarmee resoneer, verstaan dat hy nie die enigste is wat daardie emosie ervaar nie. En kuns vervul veral 'n funksie as sosio-politieke kommentaar.

Landbou is nog 'n basis vir gesonde menslike bestaan. Ons kan nie gesond lewe as 'n samelewing sonder kuns nie, maar ons kan ook glad nie sonder kos lewe nie. Die praktyke van kuns en landbou is nie noodwendig verwant nie, maar dit is moontlik dat in die oomblikke waar hulle wel ontmoet, hulle mekaar tot nuwe hoogtes kan lei. Kom ons keer terug na die voorbeeld van siergroentetuine om te sien wat dit kan beteken.

Die wêreld van vandag word gekenmerk deur 'n gebrek aan begrip oor waar ons kos vandaan kom, en die prosesse van voedselproduksie en verspreiding is gesentraliseer. Ons is in wese vervreem van betrokkenheid by 'n proses wat noodsaaklik is vir ons oorlewing as individu maar ook as spesie. Een van die gevolge daarvan is dat boere nie na waarde geskat word in die samelewing nie – baie soos kunstenaars – weens 'n gebrek aan begrip van wat hulle in werklikheid doen. Die hele proses van om jou eie kombuistuin te plant, kry dan 'n sosio-politieke dimensie: jy ontwikkel 'n begrip van die prosesse van boerdery, en daarmee saam deernis vir diegene wat die wêreld van kos voorsien. Op hierdie wyse word jy bewus van wat dit werklik kos om kos op jou bord te sit. Jy neem ook die beheer oor om vir jouself kos te voorsien: maak jou onafhanklikheid van die gesentraliseerde ekonomie groter en aanvaar aktief kuratorskap van die grond tot jou beskikking. Terselfdertyd, omdat die praktyk van siergroentetuinery intrinsiek gekoppel is met estetiese oorwegings, en sy landboukundige funksie transendeer tot 'n vorm van kunsskepping, kry jy die volle voordeel van kunspraktyk. Byvoorbeeld, die tyd deurgebring omring deur skoonheid word beskou as 'n integrale deel van die ondersteuning van geestesgesondheid. Op 'n moeilike dag, vervul tyd in jou tuin 'n psigo-sosiale proses wat filosowe "die versteuring van skoonheid" noem, waar jy omring word met die skoonheid van die tuin wat jou daaraan herinner dat dinge anders kan wees as wat dit is. Dit bring 'n gevoel van wonder terug in die wêreld, want hoewel ons die effek van kuns en skoonheid ervaar, het ons nog nie genoeg maniere gevind om dit deur beredenering te beskryf nie. Maar hierdie gevoel van wonder is belangrik om hoop te inspireer.

Verbeel jouself dus as 'n deel van 'n samelewing wat die heilige noodsaaklikheid van kosskepping kombineer met die heilige noodsaaklikheid om kos vir die siel te voorsien. Een waar die prossesse van voedselproduksie deur die boer sowel as deur die leek verstaan en na waarde geag word. Om deel van hierdie revolusie te wees, kan so eenvoudig wees soos om jou eie siergroentetuin aan te plant en die vreugdes van die proses met ander te deel. Hier is 'n paar wenke om mee te begin!

# 'n Baie eenvoudige gids tot jou eie siergroentetuin

## *Mikpunt*

Die intensie agter 'n siergroentetuin is om 'n ruimte te skep wat tegelykertyd mooi lyk en ook kos vir jou huishouding oplewer. Hieronder is inleidende konsepte waaroor jy kan dink wanneer jy jou reis na estetiese tuinmakery beplant: uitleg en ontwerp van jou tuin, hoe om gewasse te kies, en die oorweging van gewasrotasie.

## *Uitleg/Ontwerp*

Tradisoneel word die tuin in vier kwadrante verdeel met die waterbron in die middel (kyk na Figuur 3). Maar dit maak heeltemal sin om jou eie tuin te ontwerp volgens die ruimte tot jou beskikking, op 'n manier wat vir jou en die plante wat jy gaan plant, gaan werk. Hoe jy jou tuin gaan uitlê gaan ook bepaal word deur die tipe plante wat jy kán aanplant, wat weer bepaal gaan word deur waar jy woon. Groente, byvoorbeeld, wil tradsioneel baie son hê om te floreer.

Vind by jou plaaslike kwekery uit watter gewasse werk die beste in jou omgewing en vir die hoeveelheid son en water wat op jou grond beskikbaar is. Wanneer jy beplan waar om jou bedding te maak, onthou om ook ruimte vir jou komposhoop en/of wurmplaas in te ruim.



[Figuur 3: Montage van siergroentetuin. Let op die vier kwadrante en die sentrale waterbron]

'n Baie belangrike wenk vir 'n gesonde tuin-ekosisteem is om nooit die grond in jou beddings saam te pers nadat jy die aanvanklike plantwerk gedoen het nie. Dan sal jou tuin ook minder water nodig hê. Saam met goed beplande paadjies is verhewe beddings 'n goeie manier om die versoeking om in die plantsones te trap, te voorkom.
Verhewe beddings kan op baie maniere verkry word (kyk na Figuur 4). Die algemeenste manier is om onbehandelde hout te gebruik, maar sandsakke en sementblokke werk ook goed. Maak seker jy bestudeer die voor- en nadele van elke materiaal, maar die groot uitdaging om kreatief te raak en te sien hoeveel jy kan herbenut van wat reeds tot jou beskikking het, kan baie kostedoeltreffend wees!
Onthou om seker te maak jy kan gemaklik tot in die middel van elke bedding bykom en beplan jou tuin so dat dit steeds die geval sal wees wanneer elkeen van die gewasse volgroeid is.



*Wat om te plant*
Siergroentetuine verskil van groentetuine omdat groente afgewissel word met ornamentele blomme en kruie. Hierdie blomme kan eetbaar of óneetbaar wees (kyk na Figuur 5). Dis ook 'n goeie idee om blomme te plant waarvan bye hou sodat jy 'n gesonde tuin-ekologie kan handhaaf. Hoewel van hierdie blomme nie deur mense geëet kan word nie, verskaf dit voedsel vir 'n noodsaaklike bestuiwer. Wie weet, miskien het jou siergroentetuin nog eendag sy eie byekorf, sodat jy jou eie heuning, prinses-selei en byewas het! Nog 'n oorweging is om jou plantskedule uit te brei om ook medisinale plante, blomme en kruie in te sluit.
Moenie die mag van metgeselplante vergeet nie. Metgeselplante is gewasse wat veral goed groei wanneer hulle saam-saam geplant word. Terwyl hulle mekaar se groei ondersteun, bied hulle ook diversiteit. Van die algemene metgeselplante is tamatie en basielkruid, en komkommerkruid, en murgpampoentjies.



Gewasrotasie is 'n noodsaaklike konsep vir siergroentetuinmakery. Hierdie praktyk behou grondgesondheid en voorkom die oormatige gebruik van bemesting. Dit help ook siektes en peste voorkom wat jou tuin verniel, wat weer die nodigheid van plaagdoders verminder. Praat met jou plaaslike kwekery om te bepaal watter rotasies werk die beste in jou area. 'n Tuin wat 'n mengsel is van jaarplante en meerjarige plante sal ook verseker dat jy 'n visueel aantreklike tuin reg deur die jaar het.

Mag hierdie konsepte jou op die pad sit na 'n lonende reis om die samesmelting tussen kuns en landbou in ons wêreld te beleef. Die lys hieronder verskaf inligting en advies van kenners oor siergroentetuine en ander beginsels wat in hierdie artikel genoem word.
Lekker plant!


**Naslaanwerke**
Bartley, J.R., 2010. *The Kitchen Gardener's Handbook.* USA: Timber Press
Gertley, M., 1999. *The Art of the Kitchen Garden.* USA: Taunton Press
Greer, A., 2014. *Companion Planting for the Kitchen Gardener: Tips, Advice, and Garden Plans for a Healthy Organic Garden*. USA: Skyhorse Publishing
Nolan, T., 2016. *Raised Bed Revolution: Build It, Fill It, Plant It ... Garden Anywhere!* USA: Cool Springs Press
Ogden, E. E., 2011. *The Complete Kitchen Garden: An Inspired Collection of Garden Designs and 100 Seasonal Recipes*. USA: Harry N. Abrams
Trout, D., 1999. *Kitchen Garden Planner.* USA: Country Home
van Wyk, B., Gericke, N. 2002. *People's Plants: A Guide to Useful Plants of Southern Africa*. South Africa: Briza Publications
van Wyk, B., van Oudtshoorn, B., & Gericke, N., 2012. *Medicinal Plants of South Africa* (2nd Ed). South Africa: Briza Publications

**Aanhaling uit:**
Berry, W. 1981. The Gift of Good Land: Further Essays Cultural and Agricultural. USA: Counterpoint Press


YOU DON'T GET WHAT YOU PAY FOR.
YOU GET SO MUCH MORE.
MEDAL
WATER BASED PLASTER PRIMER
PROFESSIONAL TRADE
MEDAL
LOW SHEEN ACRYLIC PVA
PROFESSIONAL TRADE
INTERIOR & EXTERIOR
FULLY WASHABLE AND DURABLE
MEDAL QUALITY
7 YEAR
GUARANTEE
MEDAL
UNIVERSAL ACRYLIC PVA
PROFESSIONAL TRADE
PRO TRADE
WATER BASED PLASTER PRIMER
A powerful primer that's not only resistant to alkali and water but has great hiding abilities.
UNIVERSAL ACRYLIC PVA
Not only is this our most affordable "Breathe Easy" PVA but combined with with Low VOC's and Low Odour it has great hiding properties as well as being touch dry in just 4 hours.
PROFESSIONAL TRADE LOW SHEEN ACRYLIC.
Historically washability equals sheen equals big money. Now, our newly formulated cost-effective Low Sheen Acrylic PVA, totally change the game with their Low odour and Low VOC as well as being totally washable and very affordable.
These days everyone, consumer and contractor alike, are looking for the best of everything. Best paint quality, best colours all at the best prices, exactly what our range of Medal Professional Trade paints offers.
Talk to your Medal Rep to find out about these and the rest of our Professional Range and our exciting in-store POS material.
Johannesburg (011) 661-5700 / Durban (032) 459-1245 / Bloemfontein (051) 432-0539 / East London (043) 736-9011 / Cape Town (021) 932 0685

# Wat is nuut in Sakata se groentemandjie?

Soos met die meeste bedrywe het die ontwikkeling in tegnologie die afgelope aantal jare totale nuwe wêrelde vir ons geopen. Die vordering wat op die gebied van genetika plaasgevind het, het beslis nie agtergebly nie. Hierdie tegnologiese ontploffing het nie net 'n reeks nuwe groentesoorte en variëteite geskep nie, maar 'n magdom verbeterings ten opsigte van opbrengs, siekteweerstand, voorkoms en verbeterde smaak tot gevolg gehad.

Die groenteprodusent moet deeglik kennis neem van hierdie ontwikkelings, want dit kan die verskil maak tussen sukses en mislukking. Die nadeel is egter dat die produsent vandag oorweldig word deur 'n magdom variëteite wat, weens die feit dat dit nie deeglik onder plaaslike toestande beproef is nie, nie noodwendig oor die eienskappe beskik wat daaraan toegedig word nie. Die oplossing hiervoor is om steeds saad aan te koop van 'n verskaffer wat vertrou kan word en sy huiswerk deeglik gedoen het.

In die keuse van die regte variëteit is daar twee belangrike rolspelers – aan die een kant is daar die produsent wat streef na hoër opbrengste, siekteweerstand, aanpasbaarheid en houvermoë. Hierteenoor is die verbruiker van vandag steeds op soek na nuwe, opwindende produkte wat aantrekliker is en beter smaak. Die verbruiker "koop met die oog", en as die produk nie hierdie toets slaag nie, sal dit bloot nie verkoop nie.

As een van die leiers op hierdie gebied moet Sakata duidelik kennis neem en tred hou met hierdie tendense. In hierdie artikel word daar na 'n paar voorbeelde gekyk van die nuutste ontwikkelings uit die Sakata-program.

## Beet: Merlin

Merlin is 'n baie vroeë bekwame baster wat gedurende die lente- en somerseisoen gesaai kan word. Merlin lewer uitstekende opbrengs van beet van uitstaande gehalte wat geskik is vir beide verwerking en vir die varsmark. Merlin se ronde bolle is baie eenvormig en glad met klein krone en word gekenmerk deur 'n buitengewone soet smaak. Merlin is wyd aanpasbaar, dus is die bolle minder geneig om wit ringe te vorm en die blare verkleur nie so gou pers nie.

## Blomkool: Merton*

Merton is 'n nuwe blomkoolvariëteit geskik vir warmseisoenproduksie. Merton kan die somerhitte baie goed weerstaan met die blare wat die koppe toemaak en sodoende teen die son beskerm. Merton is baie aanpasbaar en het 'n baie hoë opbrengspotensiaal. Die koppe is by uitstek geskik vir voorafverpakking en verwerking.

## Botterskorsie: Quantum

Quantum is 'n botterskorsie met uitstekende vruggehalte. Die vrugte se grootte is perfek vir kettingwinkels wat 'n aanvraag het na mediumgrootte botterskorsies. Quantum is 'n volrank-tipe, met baie aanpasbare en groeikragtige plante, wat dit minder vatbaar maak vir siektes. Die opbrengspotensiaal van Quantum is uitstekend, en die vrugte is ook nie geneig om te bars nie. Die variëteit het 'n uitstekende vrugsetvermoë, en kan oor 'n lang tydperk vrugte dra as gevolg van die plante wat lank gesond bly.

## Kool: Optima

Sakata se nuwe koolvariëteit, Optima, bied presies wat die produsent verlang – goeie gehalte groot kole (3 tot 5 kg) met uitstekende siektebestandheid. Optima beskik oor intermediêre weerstand teen swartvrot en is dus uiters geskik vir areas waar die swartvrot-druk baie hoog is. Veral met die huidige wisselvallige klimaatstoestande, bied dit die produsent addisionele versekering van koppe van goeie gehalte. Die groot raam beskerm die koppe baie goed teen sonbrand asook windskade.

## Spanspek: Majestic

Majestic is Sakata se nuwe generasie Oosterse verskeper, wat spesifiek geteel is vir langraklewe, sonder om in te boet op vruggehalte of smaak. Majestic beskik oor uitsonderlike interne gehalte met 'n klein saadholte en 'n baie lang raklewe, wat beteken dat die vrugte steeds vars bly wanneer dit vanaf die handelaar se rak in die verbruiker se kombuis beland. Die vleis is 'n diep oranje kleur met 'n baie ferm tekstuur en volgehoue hoë suikervlakke (Brix) tussen 13 en 15%. Die aantreklike, eenvormige vrugte van Majestic beskik oor 'n algemene gewig wat wissel tussen 1,8 en 2,5 kg. Majestic is aangepas vir warmseisoenproduksie in areas regoor Suid-Afrika.

## Tamatie: Jasmine

Jasmine is 'n plaaslik geteelde, onbeperkte slaaitamatie met baie goeie vruggehalte, eenvormige vruggrootte en 'n baie goeie siektepakket. Jasmine se vrugte beskik oor 'n baie goeie raklewe. Jasmine kan verbou word in die oopland of onder beskerming as gevolg van die goeie vrugset wat die variëteit lewer wat hoë uitpakpersentasies tot gevolg kan hê.

## Waatlemoen: Daytona

Daytona is 'n All Sweet-tipe waatlemoen met baie goeie interne gehalte. Die vrugte is baie eenvormig en weeg tussen 10 en 12 kg. Die medium-dik skil is sterk, wat hierdie variëteit baie gunstig maak vir verskeping oor lang afstande. Daytona word gekenmerk deur die vrugte se helder rooi, ferm en sappige vleis met 'n uitstekende smaak en suikervlakke (Brix) van tussen 11 en 12%. Daytona weerstaan sonbrand baie goed en beskik oor hoë bestandheid teen antraknose (Co).

Vir meer inligting oor Sakata se nuwe produkreeks skakel ons gerus by 011 548 2800 of besoek die webwerf www.sakata.co.za.

* Eksperimenteel: Hierdie variëteit is steeds eksperimenteel, maar registrasie is reeds ingedien vir Suid-Afrikaanse kultivarlysting.

AFWYSENDE KLOUSULE: Hierdie inligting is op ons waarnemings en/of inligting vanaf ander bronne gebaseer. Aangesien gewasprestasie van die interaksie tussen die genetiese potensiaal van die saad, die fisiologiese eienskappe daarvan en die omgewing, bestuurspraktyke ingesluit, afhang, gee ons geen waarborg – uitdruklik of deur implikasie – vir die prestasie van gewasse relatief tot die inligting gegee nie. Ook aanvaar ons geen aanspreeklikheid vir enige verlies, direk of as gevolg daarvan, wat te wyte aan enige oorsaak ook al mag ontstaan nie. Lees eers asseblief Sakata Seed Southern Africa (Edms.) Bpk. se verkoopvoorwaardes voordat saad bestel word.




# Sakata - kwaliteit groentesaad vir elke produsent








SAKATA®

PASSION in Seed

MayFord

Tel: 011 548 2800
www.sakata.co.za
e-pos: info.saf@sakata.eu

QUALITY | RELIABILITY | SERVICE

# Oktobermaand is suiwelmaand


deur Delene Snyman



Diegene wat al effens grys langs die slape raak, sal onthou dat Oktobermaand altyd bekend gestaan het as suiwelmaand. Dit was toe melk nog net goed vir 'n mens was en almal dit gedrink het.
Deesdae heers daar 'n nuwe tendens wat genoem word laktose-intolleransie.
Meer oor hierdie toestand:
Laktose-intolleransie is nie 'n melkallergie nie, maar 'n spysverteringsteuring wat ontwikkel wanneer jou liggaam meer laktose inneem as wat hy kan hanteer. Dit is dus bloot die onvermoë om laktose, die suiker wat van nature in melk en melkprodukte voorkom, effektief te verteer.
Laktose bestaan uit twee suikerkomponente, naamlik glukose en galaktose, wat in 'n verbinding is. Die liggaam vervaardig normaalweg 'n ensiem genaamd laktase om dié twee suikerkomponente te skei sodat hulle in die bloed opgeneem kan word.
Wanneer die liggaam nie genoeg laktase maak nie, kan die twee suikerkomponente nie geskei word nie. Omdat die melksuiker dan begin gis, kan dit tot ongemaklike simptome soos opgeblaasdheid, winderigheid, los stoelgang en maagkrampe lei.
Die meeste mense wat laktose-intolerant is, kan tot 12 g laktose in 'n enkeldosis hanteer en min of geen simptome ervaar nie. 'n Koppie melk (250 ml) bevat normaalweg 12 g laktose. Suiwelprodukte soos melk, maas, jogurt en kaas verskaf belangrike voedingstowwe, soos proteïene, kalsium en kalium. Almal – jonk en oud – benodig dié voedingstowwe.
Moenie dat laktose-intoleransie jou daarvan weerhou om 'n gesonde, gebalanseerde dieet te volg wat melk en suiwelprodukte insluit nie.

### Maak so om laktose beter te verdra:

- ★ Neem klein hoeveelhede melk of suiwel op 'n slag in en versprei jou inname deur die dag. Volroommelk word beter verdra as laevet- of vetvrye melk.
- ★ Gebruik melk en suiwelprodukte saam met ander kos. Giet byvoorbeeld melk oor graankos of pap, roer ongegeurde jogurt in sop in of eet kaas op brood. Op dié manier word die vertering van laktose vertraag en ongemaklike simptome dus bekamp.
- ★ Kaassoorte soos cheddar, gouda en mozzarella bevat baie min laktose (minder as 1 g laktose in 'n porsie van 40 g) en word in die algemeen maklik verdra.
- ★ In gefermenteerde suiwelprodukte soos jogurt en maas is die laktose reeds gedeeltelik afgebreek. Boonop bevorder die lewende kulture in gefermenteerde suiwel laktosevertering, wat van jogurt en maas ideale keuses maak as jy laktose-intolerant is.
- ★ Jy kan ook laktosevrye produkte probeer.



## Mites oor laktose intolleransie:

### Mite 1: Laktose-intolleransie is dieselfde ding as 'n suiwelallergie

Mense wat laktose-intollerant is, kán nie die suiker – laktose – in melk verteer nie omdat hul liggaam nie genoeg van die ensiem laktase produseer nie, wat help om laktose te verteer. Simptome het hoofsaaklik met die maagdermkanaal te doen. 'n Melkallergie is die immuunstelsel se reaksie op die proteïen wat in suiwelmelk voorkom. Simptome kan wissel van matig, soos 'n uitslag, tot ekstreem, soos anafilaksie.

### Mite 2: Mense word met laktose-intolleransie gebore

Dis moontlik, maar ongewoon, dat babas intollerant vir laktose gebore word weens 'n gebrek aan laktaseproduksie-aktiwiteit. Dit word aangebore laktose-intolleransie genoem omdat dit van generasie na generasie oorgedra word in 'n proses wat outosomale resessiewe oorerwing genoem word, wat beteken dat albei ouers die geenvariant moet oordra.

### Mite 3: Jy hoef nie 'n dokter te spreek as jy dink jy is laktose-intollerant nie

Hoewel spysverteringsimptome op laktose-intolleransie kan dui, kan dit ook 'n aanduiding van 'n ernstiger onderliggende mediese kwessie soos seliaksiekte of Crohn se siekte wees. In ernstige gevalle moet jy na 'n dokter toe gaan om vas te stel of daar nie iets anders fout is nie. Vir matige gevalle kan 'n eenvoudige bloedtoets gebruik word om vas te stel of jy intollerant is.

### Mite 4: Mense wat laktose-intollerant is, behoort nie suiwel te eet nie

Daar is hope smaaklike suiwelvrye produkte op die mark, waaronder rysmelk en ander laktosevrye produkte wat jou al die voedingswaarde van suiwel gee sonder die newe-effekte.

### Mite 5: Laktosevrye suiwelprodukte is moeilik verkrygbaar

Melk en gewone en aarbeijogurt is nie die enigste laktosevrye produkte op die mark nie. Daar is 'n reeks roomyse wat net so smaaklik soos gewone roomys is.

Suiwelprodukte help om sterk bene en tande te bou en dra by tot algemene goeie gesondheid. Jy hoef nie van suiwel weg te skram nie: Baat by die voedingswaarde daarvan, selfs al is jy laktose-intollerant.




# Moenie dat stres jou lewensgehalte steel nie

Dis ironies dat hoe meer "beskaafd" die mensdom word, en hoe meer tegnologie vorder, hoe meer stres bou mense op, want ons het soveel meer om ons oor te bekommer en die druk om te presteer raak al hoe meer. Ons meet ons aan die mense rondom ons en ons is uitgelewer aan die klimaat en die ekonomie, en by tye voel dit net jy het nie meer beheer oor enigiets nie. **Hannelie Cronjé** het gaan nalees oor hoe stres en spanning ons letterlik siek kan maak.

Onbedagsaamheid, padwoede, selfmoord, gesinsmoorde, antidepressante, besoeke aan sielkundiges en psigiaters ... Die lys kan aanhou en aanhou van "die tekens van ons tye" – gevolge van die spanning waaronder die mensdom vandag leef.

Ons voel daar is te min ure in die dag, te min dae in die jaar om alles te doen wat ons móét doen. Almal van ons is voortdurend haastig op pad iewers heen; ons wonder hoekom lê betaaldag nog so ver as die kar se petroltenk alwéér volgemaak moet word, as die yskas alwéér leeg is, as die kinders se skoolskoene se sole yslike gate in het.

Jou maag is permanent op 'n knop en jy vererg jou sommer op die daad as 'n ou voor jou indruk in 'n ry of sy toeter agter jou blaas omdat jy nie gou genoeg na sy sin sien dat die robot groen geslaan het nie.

Jy sukkel om te slaap, want jy skrik in 'n koue sweet wakker met die gedagte dat jy nog dit en dat moet doen.

In die koeant lees ons van staatsamptenare wat vir maande weens stres met siekverlof afgeboek word – baie van hulle onderwysers en werknemers van die onderwysdepartement.

As jy hoor van vriende of kennisse wat 'n hartaanval gehad het, is jy nie eens meer so geskok nie, want stres het so algemeen geword dat hartaanvalle al amper 'n algemene verskynsel is



# Die langtermyn-gevolge van stres

# Wat is stres?

Op www.mieliestronk.com word stres as volg gedefinieer: "Op sy heel eenvoudigste kan 'n mens dit beskryf as die manier wat jy voel wanneer druk op jou geplaas word. Matige druk kan produktief wees, jou die motivering gee om iets uit te rig en jou help om dit beter te doen. Die ironie is dus dat stres binne perke 'n goeie ding is, eintlik noodsaaklik is om die mens te laat presteer en te laat vooruitgaan in die lewe.

"Dog, te veel druk of langdurige druk kan erg ongesond wees vir die menslike gees en liggaam. In die geneeskunde word hierdie ongesonde stres gedefinieer as 'n fisieke, chemiese of emosionele ontwikkeling wat spanninge veroorsaak wat tot liggaamlike siektes kan lei.

"Die Oostenryksgebore Kanadese navorser Hans Selye (1907- 1982), wat aanvanklik die spanningsdruk bestudeer het van laboratoriumdiere wat aan onaangename of skadelike prikkels blootgestel is, het die term stres daarvoor bedink. Selye het sy navorsing later ook na mense uitgebrei. Hy het drie stadiums in die reaksie op stres geïdentifiseer:

- Die alarm-stadium: Die liggaam erken die stres en maak gereed vir aksie – om óf te veg óf te vlug. Sodra die bedreiging of stres-verwekker ("stressor") geëien of besef word, word adrenalien geproduseer om die liggaam teen die bedreiging te beskerm deur onder meer die hartkop en asemhaling te versnel en die bloedsuiker te vermeerder.
- Die verset-stadium: Die liggaam herstel enige skade wat deur die alarm-reaksie veroorsaak is, maar as die stres voortduur, bly die liggaam op sy hoede en kan dit nie die skade herstel nie.
- Die uitputting-stadium: By die voortsetting van verset, tree uitputting in en 'n stres-verwante verstoring kan volg. Uitgerekte blootstelling aan stres put die liggaam se energievoorrade uit en kan selfs tot die dood lei."

Ons gesonde verstand sê vir ons dat langdurige stres nie goed kan wees vir ons gesondheid nie. Tydelike stres is, soos ons hierbo gesien het, goed om 'n mens te motiveer en te inspireer om goed te doen, maar wanneer stres nooit verlig word nie, is daar verskeie langtermyngevolge wat lewensgevaarlik kan wees.

Uit die artikel op mieliestronk.com lees ons: "Die eerste wat gaan breek, is die geneties kwesbare kettings in liggaamstelsels of -organe wat die gene van familiekwale huisves. As byvoorbeeld vernoude bloedvate 'n erflike beproewing in jou familie is, en jy boonop 'n onfikse oorgewig-perfeksionis en fanatieke suksesjagter is, loop jy 'n yslike gevaar om uiteindelik weens beroerte of 'n hartaanval in die hospitaal te beland of te beswyk.

"Selfs as die liggaam nog nie so dramaties begin ingee nie, kan dit 'n mens nog met allerhande tekens waarsku dat jy jou so geweldig ooreis dat jy besig is om jou eie paadjie na die begraafplaas te plavei.

"Die Engelse praat hiervan as *burn-out* (die verskynsel van "uitbranding"). Dit word gekenmerk deur herhaalde hoofpyne, 'n gevoel van volslae afmatting, slaaploosheid, spierpyne, sweterigheid en kortasemigheid, om maar 'n paar van die fisieke tekens te noem.

"Emosioneel kan die 'uitgebrande' persoon vreesbevange wees, knorrig, geïrriteerd, liggeraak, huilerig, skreeuerig, buitensporig agterdogtig, kortom sommer erg beklaenswaardig en miserabel. Hy (of sy) voel leeg, die lewe raak vir hom sinloos en hy twyfel aan homself. Sy verstand voel suf, hy vergeet dinge, raak verward. Hy kan hom afsonder van mense en selfs wegkruip.

"Dat hierdie gevolge van langdurige stres, benewens die genoemde hart- en bloedvatsiektes, volgens die dokters ook tot kwale soos maagsere, depressie en selfs kanker ly, hoef niemand te verbaas nie.

"Ofskoon daar verskillende oorsake van kanker is, word stres nog dikwels nie as 'n oorsaak gereken nie, omdat daar volgens sekere medici geen klinkklare bewyse is dat dit 'n regstreekse verwekker van die siekte is nie. Tog is daar al hoe meer ander navorsers wat reken dat die rol van stres in die ontstaan en verloop van sekere soorte kanker glad nie buite rekening gelaat moet word nie.
"Getuienis is immers besig om te akkumuleer dat daar die een of ander skakel moet bestaan tussen stres en hoe sekere soorte kanker ontwikkel en in die liggaam vererger.
"Só wys van hierdie mediese geleerdes daarop dat, as stres die liggaam se vermoë verminder om teen siektes te veg, dit mos vanselfsprekend ook die gestel se vermoë moet aantas om kankerselle dood te maak.
"Soos een hoogleraar dit stel: 'Ek dink dit is redelik om te sê dat stres een van die baie komponente kan wees wat die werking van immuunstelsels verknoei en ons dus meer vatbaar maak vir kanker en die siekte vinniger laat ontwikkel. Maar stres kan net een stukkie van die legkaart wees – die vraag is watter persentasie dit daarvan is. My argument is dat, wat die persentasie ook al is, dit die persentasie is wat ons die meeste kan beheer. Ons kan nie ons gene (erflike faktore) beheer nie, maar ons kan die manier verander waarop ons op stres reageer.'"

# Hoe beheer ek stres?

- ✓ **Maak tyd vir onspanning.** Elkeen van ons het sy eie "happy place" waarheen ons ontsnap en van alles kan vergeet.Vir party is dit tuinwerk, ander lees 'n boek, gaan kyk 'n fliek, gaan stap met die honde, visvang (of hengel – wanneer jy nie noodwendig iets hoef te vang nie!). Stel vas wat jou lekkerste vorm van bederf is en maak ten minste een keer 'n week tyd daarvoor as jy dit nie elke dag vir 'n halfuur of langer kan doen nie.
- ✓ **Kry genoeg slaap.** Slaap herlaai ons batterye sodat ons weer krag het vir die volgende dag se uitdagings. En as jy hulp nodig het omdat jy nie regtig rustig kan slaap en genoeg rus kry nie, gaan gesels met jou dokter. Jy sal nie die eerste een wees om vir hulp aan te klop nie.
- ✓ **Oefen.** Of jy nou stap, draf, op jou oefenfiets voor die TV sit en trap of met 'n bergfiets die koppie op die plaas aandurf of winkel toe loop in plaas van ry, sorg dat jy 'n vorm van oefening doen. Selfs al maak jy 'n punt daarvan om op die verste parkeerplek van die winkel af te parkeer en daardie ekstra 100 treë in te kry, doen dit.
- ✓ **Kry 'n skeppende stokperdjie.** Kunswinkels is seker die heerlikste plek om idees te gaan kry vir skeppende stokperdjies. Van piouterwerk, mosaïek, kralewerk, borduurwerk, breigoed, grafeerwerk, skilderwerk ... Daar is eindelose moontlikhede. Wat van houtwerk? Van messe maak tot kaste bou. Alles goed wat die gedagtes ver wegneem van die alledaagse. En as jy nié die wêreld se kunstigste en skeppendste mens is nie, en jou nie kan sien kunsvlytitems maak nie, kleur in. So maklik en lekker as wat dit vir jou as driejarige was, so maklik en lekker is dit nou. Gaan kyk 'n bietjie in boekwinkels hoeveel inkleurboeke is daar skielik op die rakke! En die verskeidenheid van kleurpotlode is genoeg om enigeen opgewonde te maak.
- ✓ **Woon 'n kookkursus by.** Hou die plaaslike koerant dop vir mense wat adverteer dat hulle kursusse aanbied in kookkuns. Of raadpleeg die internet as daar nie so iets in jou omgewing is nie. Op YouTube is verskeie videos wat jou leer om jou eie sushi te maak, wat Indiese kookkuns maklik en na groot pret laat lyk, wat jou wys hoe om koeke prentjiemooi te versier. Soek na Griekse resepte vir 'n afwisseling van die gewone. Of Marokaanse geregte, regte Spaanse paella. En almal van ons het 'n stapel resepteboeke waaruit ons nog nooit kos gemaak het nie. Vat daardie boeke een vir een en verras jou gesin met iets nuut op die spyskaart. Geen mens kan aan iets anders dink as jy besig is om kos te maak nie.
- ✓ **Maak tyd vir kuier.** Ons almal is altyd aan die hardloop en gun onsself te min tyd om net rustig saam met vriende te kuier. En moet nou nie weer probeer om die beste gasvrou te wees met jou onthaalvaardighede nie; maak dit net 'n rustige bring en braai of kuier om 'n pot fondue. Ons is almal so bang mense dink ons doen nie genoeg om hulle te vermaak nie, terwyl almal van ons soms net wil terugsit en die geselskap geniet. Elke kuier hoef nie 'n vyfster-geleentheid te wees nie. Vergeet van gaste onthaal! Dis jou pelle – nie gaste nie. En kuier net, moenie hulle onthaal nie. Of gun die manne 'n mannenaweek en die vroue hulle "ladies weekend". Soms het 'n mens nodig om sommer net sonder enige verantwoordelikhede en verpligtinge 'n naweek weg van alles af deur te bring.
- ✓ **Moenie jouself onder druk plaas nie.** So dikwels is ons die oorsaak van ons eie stres omdat ons "die beste" wil wees. Die beste pa/ma vir ons kinders; die beste presteerder op 'n gebied; die beste jagter of koekbakker in die omgewing. Ons dink die wêreld verwag van elkeen van ons om die beste te wees, maar ons flous onsself. Op die lang duur is dit belangriker om gelukkig te wees, eerder as om "die beste" te wees, want aan wié se standaarde meet ons ons eintlik?

Daar ís faktore daarbuite wat ons voortbestaan onder druk plaas – soos die ekonomie en klimaatsveranderinge en dreigende oorloë en plaasgeweld en misdaad, maar dit is goed waaroor ek en jy geen beheer het nie. Dis logies dat sulke goed ons laat stres. Maar as jy beheer neem van dít waaroor jy beheer kán neem – soos verantwoordelike spandering en besparing, opgeskerpte veiligheidsmaatreëls, noodplanne en dies meer – moet ons die res aan 'n Hoër Hand toevertrou en glo dat ons in liefde vasgehou word.

# Optelgoed is hougoed

Jessie is so opgewonde toe sy vir middagete by die huis kom dat sy byna nie kan praat nie. "Mamma, kyk wat het ek opgetel!" roep sy uitasem.

"Wat is dit?" vra Mamma. "Dit lyk vir my na 'n beursie."

"Ja, dit is," sê Jessie. "Dit is die pragtigste beursie, en daar is baie geld ook in. Dink net wat ek alles daarmee sal kan koop."

"Gee dit hier," sê Mamma terwyl sy die beursie neem, dit oopmaak en binne kyk. "Jy is reg, Jessie, daar is baie geld in. Dis meer as vyfhonderd rand."

"Is daar?" sê Jessie opgewonde.

"Maar jy kan dit nie hou nie," sê Mamma.

"En waarom nie?" wil Jessie verbaas weet. "Optelgoed is mos hougoed, is dit nie?"

"Ja, soms speel kinders so," sê Mamma, "maar as dit iemand anders se beursie is, is dit 'n ander saak. Miskien het 'n arm vrou dit verloor op pad na die winkel, en miskien is dit al geld wat sy gehad het om vir haar gesin kos vir die week te koop. "

"Maar, Mamma, ek het dit dan opgetel?"

"Ek weet dat jy dit opgetel het, maar dit is nog hare solank jy nie alles moontlik gedoen het om die eienaar op te spoor nie. Dink 'n bietjie hoe jy sal voel as jy jou beursie verloor het en die persoon wat dit optel wil dit nie teruggee nie. Jy sal glad nie daarvan hou nie, sal jy?"

"Ek het nie só daaraan gedink nie," sê Jessie. "Ek glo nie ek sal daarvan hou nie."

"Jy sal ook nie," sê Mamma. "En as ons aan ander wil doen wat ons van hulle verwag om vir ons te doen..."

"Ek dink ek sal dit maar liewer terugneem," val Jessie haar in die rede. "Maar wat sal ek daarmee doen?"



"Die regte ding is om dit na die polisiestasie te neem," sê Mamma, "en hulle sal dit daar hou todat iemand dit kom opeis. As niemand dit kom haal nie, sal hulle dit weer aan jou teruggee."

"Nou goed dan," sê Jessie met 'n glimlag. "Ek sal dit sommer dadelik neem. Daardie arme vrou bekommer haar seker vreeslik daaroor."

Sy hardloop so vinnig as wat sy kan. Op pad na die polisiestasie ontmoet sy 'n skoolmaat.

"Waar gaan jy so haastig heen?" vra Marjorie.

"O, ek het 'n beursie in die straat opgetel, en ek neem dit gou na die polisiestasie."

"Is daar geld in?"

"Ja, meer as vyfhonderd rand."

"Moenie so dom wees nie. Hou dit," sê Marjorie.

"Ek kan dit nie doen nie," sê Jessie. "Dit behoort miskien aan 'n arm vrou, en sy voel seker baie sleg daaroor. Sy moet dit so gou moontlik terugkry."

"Moenie so dom wees nie," sê Marjorie weer. "Moenie jou oor ander mense bekommer nie."

"Miskien is ek dom," sê Jessie, "maar ek gaan dit tog by die polisie afgee."

By die polisiestasie gekom, vertel Jessie kortliks wat gebeur het. Die polisieman kyk haar met 'n glimlag aan en sê dat sy seker die eerlikste dogtertjie in die hele dorp is. Hy skryf haar naam en adres neer en ook die bedrag in die beursie.

Jessie gaan terug huis toe, so bly asof iemand vir haar 'n groot som geld gegee het.

Maar dit is nie die einde van die storie nie. Daardie aand is daar 'n klop aan die deur. Jessie maak oop en daar staan die dominee se vrou – een van haar ma se beste vriendinne.

"Jessie," sê die vrou, "ek het nou-net my beursie by die polisiestasie gekry. Daar het hulle my vertel dat jy dit kom inhandig het. Ek wil jou baie hartlik bedank, en ek wil jou ook iets gee om te wys hoe dankbaar ek is."

"O, nee, nee, nee!" roep Jessie uit. "Ek wil niks hê nie. Ek is so bly dat ek tannie kon help om dit weer terug te kry. Ek het nooit gedroom dat dit aan tannie behoort nie, anders sou ek dit dadelik na tannie toe gebring het. "

"Ek weet jy sou," sê die dominee se vrou. "En ek wil net weer sê, Jessie, hoe baie ek waardeer wat jy gedoen het. Ek sal dit nooit vergeet nie."

Toe die vrou weg is, sien Jessie hoe haar ma na haar kyk, en albei glimlag tevrede.

"Dit was maar goed dat ek dit teruggeneem het, nè, Mamma?" sê Jessie. "Sê nou maar ek het kerk toe gegaan met daardie beursie in my hand! Ek kry sommer koue rillings as ek daaraan dink. En as ek daardie geld spandeer het, sou ek myself nooit vergewe nie."

"Wel," sê Mamma, "dit is net weer 'n bewys dat dit altyd betaal om die regte ding te doen."



Aangepas uit Slaaptydstories, Deel 4, deur Arthur S. Maxwell



# vkb sê dankie aan sy topklante

**VKB se 100 grootste klante het Vrydag, 15 September 2017 op gesellige wyse saam verkeer toe hulle op kleurvolle gasvryheid in Reitz onthaal is**

Mnr Francois Swanepoel, uitvoerende hoof van VKB Landbou, het die gaste verwelkom–dit was 'n aand waar kleur die hoofrol vertolk het en waar die gaste bederf is met heerlike vermaak.

Mnr Koos van Rensburg, besturende direkteur van die VKB Groep het VKB se lede bedank vir die besigheid wat hulle met VKB gedoen het. VKB het groot waardering vir elke lid se ondersteuning en bydrae wat tot die sukses van die Groep lei. VKB landbou se uitstekende resultate is die gevolg van sy lojale klante se ondersteuning, het Koos gesê.

Tydens die funksie is spesiale toekennings gemaak:

**VKB Boer van die Jaar:**
MC de Klerk Boerdery BK – Michael de Klerk (Oranjeville)

**Lid 2de meeste besigheid:**
Rentia Boerdery BK (Cronje broers, Vrede)

**Lid 3de meeste besigheid:**
Johann Claasen Boerdery (Edms.) Bpk. (Petrus Steyn)

**Development Farmer of the Year:**
Nchaka Moloi – Yarona Game and Guests Farms (Pty) Ltd - Bethlehem

## Kategorië: Hoogste Omset

**Graan (bemarking en lewerings saam):**
MC de Klerk Boerdery BK (Oranjeville)

**Meganisasie:**
HC Muller (Bethlehem)

**Handel:**
Paul Steyn Boerdery (Edms.) Bpk (Warden)

**Insethandel:**
JBS du Plessis Trust (Villiers)

Fotos verskaf deur: VisuallySpoken - Herman Booyens - Sien meer op ons Facebook-blad

# Topprodusente
## getrakteer in 'Phantom'-styl


deur Delene Snyman


Die jaarlikse prestige-aand om dank en waardering teenoor topprodusente van NTK uit te spreek, was weereens 'n stylvolle geleentheid. Boere en hul gades het van dwars oor die Limpopoprovinsie gekom om deel te wees van die 2017 NTK-produksie van Phantom of the Opera.
In sy verwelkomingsboodskap het Francois Froneman (besturende direkteur) die hoofrolspelers van die aand verwelkom, naamlik die produsente teenwoordig. Die mees lojale ondersteuners van NTK was genooi, boere wat VKB sterk maak.
Francois het 'n terugblik op die afgelope landboujaar gegee en gesê dat, deur die genade van Bo, produsente en VKB in 'n goeie situasie is sodat ons kan uitsien na 'n wonderlike seisoen wat wag. NTK as vennoot is die regte keuse vir elke produsent.
Koos van Rensburg (besturende direkteur van VKB) het die boere beskryf as die spil waarom VKB (NTK) draai aangesien daar geen bestaansreg is sonder die produsent, die gaste teenwoordig, nie. Hy het die suksesse van VKB, maar ook van NTK, uitgewys en gesê dat lede van Limpopo opreg trots kan wees op NTK wat uitsonderlik presteer. Maar hy het bygevoeg dat slegs die oortjie van die seekoei se potensiaal in Limpopo nog ontgin is. Daarom het Koos boere teenwoordig gevra om aan medeboere, bure en vriende te vertel watter uitsonderlike onderneming VKB (NTK) is.
Ná 'n paar gelukstrekkings was dit tyd om die prestige-pryse vir die aand te oorhandig. Vir die amptenare van NTK was daar gesogte pryse op die spel wat as volg toegeken is:
Quantum-sprong het gegaan aan die bedryfspunt wat proaktief opgetree het en groei getoon het. Nominasies het gegaan aan Naboomspruit, Pienaarsrivier en Venda-depot. Die wenner was egter Bochum-depot. Mariëtte Muller het die prys in ontvangs geneem.
Die Bedryfspunt van die Jaar is sekerlik die grootste toekenning aan 'n span in NTK. Om te kwalifiseer moet die span op alle gebiede presteer. Genomineerdes was Lehau-silo, Pietersburg en Ellisras, maar die wenner van hierdie afdeling was Venda-depots met Norman Masia aan stuur van sake. Hy het die prys in ontvangs geneem.
Die volgende toekennings is gemaak aan individue binne die amptenary van NTK. Die 'laat-dinge-gebeur-toekenning' het die volgende nominasies opgelewer: Christoff Smit, Cobus du Plessis en Cornel Janse van Vuuren. Die wenners van die aand was Mariëtte Muller van Vivo.
Speler 23 gaan aan die persoon wat 'n spanspeler is, maar met leierseienskappe – iemand wat help en die ekstra myl stap. Genomineerdes was Frikkie van Vuuren, Christoff Smit en Michael van der Merwe. Die wenner was egter Janet de Beer van Settlers. Voorwaar 'n merkwaardige prestasie.
Die laaste prys het gegaan aan die vlagdraer van NTK, en genomineerdes was Norman Masia, Fanie Lombaard en Charl le Roux, maar hierdie toptoekenning het gegaan aan Christoff Smit, takbestuurder van NTK se vlagskiptak Pietersburg.
Toe het die produsente aan die beurt gekom om erkenning te ontvang vir lojale ondersteuning.

| | |
|---|---|
| **Topprodusent: Insethandel:** | **Jaco du Toit** |
| **Top-handelsprodusent:** | **Pieter Esterhuizen** |
| **Top-graanprodusent:** | **Walt Landgoed** |
| **Graanbemarking:** | **Joon Berghaan** |
| **Top-kliënt van die Jaar:** | **Joon Berghaan** |

Die 2017 NTK Prestigeaand was gewis 'n aand om te onthou.












# kóók!



1ste Plek - Mariska en Beauty



2de Plek - Pamie en Colin



3de Plek - Brenda en George

## Van 25 tot 29 September het dit letterlik gekook (en gebak) op Bela Bela tydens kykNET se Buitelug Ekspo met die aanbieding van die Queen of the Kitchen-kompetisie.

Met die buitelewe as tema moes koskenners en hul assistente elke dag geregte voorberei wat die assistent se vaardighede agter die kospotte ten toon stel terwyl die kenners hul assistente moes bystaan met raad om die mooiste borde kos voor te sit. Die koskenners moes die proses en die eindresultaat ook op foto's vaslê. Die kos en ook die foto's is daarna aan die beoordelaars voorgesit sodat die wenspanne bepaal kon word.

Elke dag is aan spesifieke bestanddele gewy met onderskeidelik beesvleis, wildsvleis, skaapvleis en hoender op die onderskeie dae as hoof-proteïenbron wat saam met vars plaasprodukte voorberei moes word.

VKB was een van die borge van die geleentheid en het met trots aanskou hoe ons produkte hul man in enige kombuis kan staan.

Beoordelaars het gesoek na die kreatiefste en inspirerendste kombuisassistent en die koskenner wat haar die beste ondersteun en bemagtig. Spanwerk en goeie kommunikasie blyk uiteindelik die heel beste bestanddele te wees, want as 'n mens dit as basis het, kan enige ander bestanddele wat daarby gevoeg word, net lei tot 'n feesmaal.

Beauty en Mariska is bekroon as die span wat by uitstek aan hierdie vereistes voldoen het. Pamie en Colin was in die tweede plek en Brenda en George in die derde plek.

Queen

OF THE KITCHEN

















































# Wat is jou storie?

## VKB word 100 jaar

VKB word 100 jaar in 2019 en ons wil graag die geskiedenis van hierdie maatskappy boekstaaf en/of 'n CD saamstel. Word dus deel van hierdie geskiedkundige gebeurtenis!

Enige iemand met inligting, ou publikasies of foto's oor die geskiedenis van VKB se ontstaan tot nou, kan dit stuur aan: Anelie Swemmer by aswem@vkb.co.za of stuur dit met die poskar van jou naaste tak af, of lewer dit af by VKB-hoofkantoor in Reitz.

Skakel Anelie by 058 863 8277 of 082 481 7666




## VKB Droogtehulpskema

VKB bedank graag almal wat hul harte oopgemaak het vir hierdie onbaatsugtige saak. 247 ton mielies is aan produsente in die droogtegeteisterde Noord- en Wes-Kaap geskenk.

vkb

---

Radio Raps • Blomtrein • Jo Black • Anders • Bobby van Jaarsveld • Bouwer Bosch • Snotkop • Adam • Vernon Barnard • Die Campbells • Irene Louise



vkb Bieliemieliefees

www.bieliemielie.co.za | www.vkb.co.za

15 -18 Februarie 2018

Reitz • Die fees met gees

kykNET

Standard Bank CLAAS DUPONT PIONEER vkb TOTAL



GRAIN FIELD CHICKENS

## BEER BATTERED CHICKEN WINGS

1 large egg
3/4 cup beer
1 cup cake flour
1 tsp baking powder
Salt and freshly ground black pepper, to taste
**12 Grain Field Chickens Chicken Wings**

In a large mixing bowl, whisk the egg slightly. Slowly whisk in the beer and then the rest of the ingredients. Whisk until smooth and well blended. Cover and leave to rest for about 20 minutes. Heat oil in a deep pot. Pick up each chicken wing with tongs and gently dip into the batter; allow excess batter to drip off. Carefully lower one by one into the hot oil. Fry until golden, for about 5 minutes. Drain and adjust seasoning, serve immediately with mayonnaise dip.

FARMERS PRIDE

**For any queries please contact our**
**Customer Care Line: 087 940 5100 or visit www.grainfieldchickens.co.za**

# Nuus

deur Noreen Hancocks

## VKB Knights-krieket

Die VKB-Knights-kriekettoekenningsgeleentheid is op 23 Augustus by Tuscan Rose in Bloemfontein gehou. Ten tyde van die geleentheid het Johan van Heerden, hoof van die Vrystaatse Krieketunie, luidens 'n verklaring van VKB gesê hy is baie trots op die VKB Knights. Hy het ook elke speler en elke borg bedank.

Francois Swanepoel, uitvoerende hoof van VKB Landbou, sê in 'n verklaring van VKB die onderneming is bevoorreg om die hoofborg van die pragspan te wees.

Die nuwe 2017-'18 krieketspan is aangekondig en verskeie eerbewys uitgedeel.

**Duanne Olivier** - Sunfoil Series Speler van die jaar

**David Muller** - Momentum 1-day Cup Speler van die jaar. T20 Challenge Speler van die jaar

**Patrick Kruge**r - Meeste verbeter speler van die jaar

**Rudi Second** - Spelers Speler van die jaar

**Theunis de Bruyn** - Waardevolste speler van die jaar

David Muller bly steeds kaptein en Nicky Boje is hoofafrigter.

Die Knights-gholfdag is die volgende dag ook in Bloemfontein gehou. Dit was om die seisoen lekker af te skop.










**Foto 1: Nicky Boje (hoofafrigter), Werner Coetsee, Luthando Mnyanda, Grant Mokoena, Ruan Botha (sportsielkundige), Theunis de Bruyn, Corne Dry, Shadley van Schalkwyk, Duanne Olivier, Morne Castelyn (fiksheidsafrigter), Keagan Rafferty, Pite van Biljon, Keegan Pietersen, Mbulelo Budaza, Karabo Mogotsi, Leus du Plooy, Rudi Second en Patrick Kruger.**

**Foto 2: Ryno Steyn (grafiese ontwerper), Noreen Hancocks (advertensie & reklame), Hannelie Cronje (Die Pad Saam-uitgewer), Francois Swanepoel (uitvoerende hoof: VKB Landbou), Anelie Swemmer (skakelbeampte) en Deon van der Ross (uitvoerende hoof: bemarking).**

**Foto 3: Hilary Hill (regsadviseur VKB), Jack Radford (bestuurder: Graandienste VKB), Francois Swanepoel (uitvoerende hoof: VKB Landbou), Allan Donald (voormalige Suid-Afrikaanse krieketspeler).**

## Loslitdag 2017

Hoofkantoor gaan elke jaar groot met Loslitdag, want dan is daar hope pret en opgewondenheid oor die lente wat uiteindelik aangebreek het! Ons neem egter nie net deel vir die pret nie, want die hele dag is ook 'n fondsinsameling vir 'n goeie doel, naamlik vir mense met gestremdhede.
Grain Field Chickens het soos laasjaar weer die eerste prys losgeslaan terwyl die graanafdeling die prys vir meeste gees gekry het.





# VKB Liebenbergsvlei-kanomarathon

VKB was vir die eerste keer hoofborg van die Liebenbergsvlei-kanomarathon. Die VKB-filliale Grain Field Chickens en VKB Milling het ook onderskeidelik hoender en Magnifisan-meel vir die deelnemers geborg.

Die organiseerders van die 2017 VKB Liebenbergsvlei-kanomarathon het van oraloor komplimente en puik terugvoering ontvang met die derde byeenkoms van hierdie twee-dag-roeiwedren van Reitz na Franfort. Hoewel nie al 325 deelnemers wat ingeskryf het, dit tot by die eindstreep gemaak het nie, het meeste van hulle hul doel bereik met daardie trotse gevoel ná voltooiing van die 63 km van vars, skoon water uit die Asrivier, van die Katzedam in die Lesotho-hooglande.

MJ Robb, die organiseerder van die resies, het gesê, "Ons is baie tevrede met die toenemende aantal deelnemers en ons is bly dat ons aan die roeiers kon gee wat hulle soek. Dit was 'n eer om roeiers van nege lande te verwelkom, wat hierdie 'n ware internasionale geleentheid maak."

Baie roeiers het Vrystaat toe gekom net ná hul deelname aan die Wêreld-kanomarathon wat die week vantevore op Pietermaritzburg gehou is.

Een van die internasionale deelnemers was Krisztina Bedoc van Oostenryk wat saam met die Suid-Afrikaanse Olimpiese bronsmedaljewenner, Bridgitte Hartley, geroei het, en oortuigend in die vroueresies gewen het. Die span wat tweede oor die wenstreep is, was ook 'n Suid-Afrikaanse roeier saam met 'n internasionale roeier, naamlik Jenna Ward van Suid-Afrika en Vanda Kizli van Hongarye. Hulle twee was die hele tyd kort op die wenners se hakke.

In die mansresies was daar wel minder top- internasionale roeiers, en tog het die voorste klomp mekaar goed opdraande gegee. Kiko Vega van Spanje was die een internasionale roeier wat saam met 'n voormalige wenner van die Liebenbergsvlei-kanomarathon Siskeo Ntondeni, in 'n span deelgeneem het. Hierdie kombinasie kon egter nie die prestasie van die twee roeiers uit KwaZulu-Natal – Clinton Cook en Hamish Lovemore, wat maar nog 'n junior is – klop nie.

Cook en Lovemore was na Dag 1 die voorlopers en het nie baie voordeel gehad met die wind van voor op Dag 2 nie. Hulle het egter wel daarin kon slaag om later in die dag vir hulle 'n klein gaping te beding, wat hulle toe tot by die eindstreep benut het. Met hulle sterk roeipoging was hulle uiteindelik die topspan.

"Danksy die betrokkenheid en insette van VKB wat finansieel maar ook met personeel en mannekrag gehelp het met die enorme logistiek van die twee dae, was hierdie 'n baie geslaagde geleentheid," het Robb gesê. "VKB se bydrae is goed deur die gemeenskap ontvang en het groot lof ingeoes van die kant van die plaaslike en internasionale media."



Steve Jourdan (organiseerder), Francois Swanepoel en MJ Robb (organiseerder)



Koos Janse van Rensburg spreek die roeiers toe na afloop van die wedren.





VKB-amptenare het die geleentheid gehad om deel te neem aan "white river rafting" by die Tweeling-stroomversnellings. Agter: Abrie Nagel, Leana du Plessis, Loan Baumgarten, Henri Gerber, Maryke Gerber, Dewalt Streak, Belinda Swart en Deon Bosman voor: Mark Spangenberg, Twin Mosia, Marilize Alexander, Corne Cronje en Maryke van der Schyf

## PMR.Africa-toekenningsgeleentheid

Jack Radford, bestuurder van graandienste, het die PMR.Awards-funksie in Bloemfontein by die Kopano Nokeng Country Lodge en Konferensiesentrum bygewoon, waar VKB twee Diamond Arrow-toekennings verwerf het. Albei toekennings is ontvang as algeheel eerste. Die een toekenning is vir mees innoverende maatskappy en die ander vir graanhantering, verskaffers van landboutoerusting en -produkte sowel as trekker- en boerdery-implement-handelaar.



# Nuus

## Mahwhelereng celebrates Africa Day

The staff at Mahwelereng is enthusiastic and always ready to participate in events to draw more customers into the shop.
Africa Day was recently celebrated all over the world and some of the branches participated. Mahwhelereng went all out. Manager Themba Madlala is proud of this winning team.



Themba Madlala (manager), Nancy Marakalala (cashier), Shirley Thubakgale (admin) and Clarence Kolotse (receiving).

## Modimolle




VKB Versekering het nou 'n verteenwoordiger in Modimolle (Nylstroom). Sy is Melanie van Deventer, bekende in versekeringkringe in die omgewing. Melanie het sedert sy in 1996 matriek aan die Hoërskool Hans Strijdom geslaag het, in die versekeringsbedryf gewerk. Sy ken dus al die slaggate en struikelblokke en weet presies wat die kliënt nodig het. Vir haar gaan dit oor diens en sy sê die diens wat 'n middelman, soos VKB Versekering, lewer, is van onskatbare waarde.
Hoewel Melanie hoofsaaklik van haar huis af werk, gaan sy ook in na die VKB-kantore in Bela Bela en is ook gereeld in Nylstroom Handelstak waar sy kliënte en potensiële kliënte sien.
Sy sê dis veral besige mense soos boere wat 'n middelman in die versekeringsbedryf nodig het; iemand wat namens jou die saak kan hanteer en 'n uitkoms kan bewerkstelling wat jou die beste sal pas. Sy doen slegs besigheid met gerespekteerde versekeraars en daarom is sy oortuig dat jy nêrens 'n beter makelaar sal hê as by VKB Versekering nie. Boonop het die NTK-lid betalingsvoordele. Kontak haar gerus vir meer inligting by NTK se handelstak.

## Thabazimbi vier jeugdag

As daar nou een tak is wat nie 'n tekort aan entoesiasme en woema het nie, is dit Thabazimbi. Hier kyk hulle nie hoe die lewe verbygaan nie, hulle spring in en neem deel.
Jeugdag het ook nie ongesiens verbygegaan vir die personeel van hierdie tak nie. Hulle het hul skoolklere uit die kas gaan haal of skoolklere geleen, maar die klomp was almal terug op die skoolbanke – soos dit die verantwoordelike jeug van Suid-Afrika, en veral van Thabazimbi, betaam.
Dit was lekker pret en die kliënte het dit omtrent geniet om die personeel, wat gewoonlik onberispelik in NTK-drag geklee is, in skoolklere te sien!



Meeste van ons is reg vir skool!

## NTK Tzaneen borg boogskiet

Die Limpopo- provinsiale boogskietkompetisie is onlangs in Tzaneen aangebied en NTK was 'n trotse medeborg van die byeenkoms. Deelnemers is deeglik bewus gemaak van NTK se betrokkenheid en NTK het so goeie blootstelling gekry.
Frikkie van Vuuren, takbestuurder van Tzaneen, is bekend vir sy aggressiewe bemarking in die omgewing. Hy laat min bemarkingsgeleenthede verbygaan en om daardie rede gaan dit goed met die tak. Hulle soek besigheid en skep besigheid op Tzaneen.




Deelnemers ontvang NTK-geskenksakkies.

## Tzaneen by die perde

Perdesport is 'n sportsoort wat besig is om vinnig te groei in Suid-Afrika. Die waarde van die hantering en ry veral in die ontwikkeling van kinders, word toenemend besef en dit bring mee dat meer byeenkomste in hierdie sportsoort aangebied word. Op Tzaneen is die Buckles & Boots Paperchase aangebied en dit het kinders en hul ouers van oral oor die provinsie gelok vir deelname. NTK het as hoofborg by hierdie suksesvolle perdrybyeenkoms opgetree.



Die perde en hul entoesiastiese ruiters.


## Wild en perde by die Kasteel

As daar net 'n boer in die omgewing is, is NTK daar. So was NTK se handelstak daar toe 'n wildsimposium en perdeskou onlangs by die Castle de Wildt net buite Modimolle aangebied is.

NTK is ondersteun deur VKB Versekering in die persoon van Melanie van Deventer asook lojale verskaffers soos Naas Steenekamp van Virbac en Pierre Marais van Molatek en ander.

Victor Matfield van die Wildswinkel-groep het by die stalletjie aangedoen en graag saam met NTK-personeel vir 'n foto gestaan. Ander boere het ook by die stalletjie aangedoen en advies by NTK se verskaffers ingewin.

NTK bly sigbaar en betrokke.



NTK se stalletjie reg voor die Kasteel.



André, Jorrie, Melanie (Versekering) en Melodie.

## NTK for Mandela

Over the years NTK has proven one thing: it cares about the people of Limpopo. If you read *Koöperasiestories* on a regular basis you will know that not a month goes by without NTK sponsoring schools, helping crèches, caring for the elderly or supporting upcoming farmers and thus assisting whole communities.

Mandela Day is a very special day for all South Africans. It is the day we celebrate the legacy of a great man. Although the true meaning of the day is for individuals to make a difference, it is also important for companies to show that they care.

Liezl Britz took charge of the day and made parcels that were distributed at old age homes and local crèches. Some of the schools came to fetch the sweets, color-in pictures and crayons while some personnel from head office went out to surprise the people of the community.

The faces lit up as they received their bag with fruit and sweets and many thank you's came from old and young voices.

If you work for a company such as VKB you have so much to be thankful for. There are too many people suffering and too little who care. NTK cares.



Francois het die oorhandiging aan hoofde van kleuterskole gemaak.



Wat 'n mooie prentjie maak Naboomspruit-silo nie teen die winterbloulug nie!

vir die **LIEFDE** van die **LAND** | www.**vkb**.co.za




Bystandnommer: 058 863 8888

Available on the App Store


ANDROID APP ON Google play

# nie net jou gewone LANDBOU TOEP

- **Kry huidige en vooruit Safex-pryse vir kommoditeite, wat wit- en geelmielies, sojabone, koring, sonneblom en sorghum insluit.**
- **Gedetailleerde prysgrafiek vir elke kommoditeit.**
- **Ander aanwysers sluit in USD, EUR, Brent ru-olie en beespryse.**
- **Twee weeklikse Afrika- en Noord-Amerika-reënval weerkaarte.**
- **U ligging se huidige weer.**
- **Ingetekende gebruikers kan toegang tot 'n opsomming van hul opbergings-graan en vooruitkontrakte bekom.**

## Hoe om te **registreer?**

### 1 Laai toep af



Soek die toep by die "App store" vir 'n *IOS* slimfoon of by "Google play" vir 'n *Android* slimfoon en laai dit af.

Installeer die toep op jou slimfoon en maak die toepassing oop.

**Kliek op registreer.**

### 2 Voltooi registrasievorm





Vul jou besonderhede by die registrasievorm in.

Kies 'n unieke wagwoord met 'n minimum van 8 karakters.

**Druk stuur.**

### 3 Teken Aan



Teken aan en geniet al die voordele wat die toepassing jou bied.

**Kyk gereeld uit vir NUWE ontwikkelings op die toep**

VKB Head Office | 31 President CR Swart Street, Reitz, 9810 | Tel. 087 358 8111
VKB Beleggings (Pty) Ltd is an Authorised Financial Service Provider, FSP 4813

# Laaste kans om te bespreek!!!





# Die Pad Saam Vaart

## 3 NAGTE – 17 TOT 20 NOVEMBER 2017

VAN **DURBAN** NA **PORTUGESE EILAND** AANBOORD DIE **MSC SINFONIA**

Welkom aan boord van die MSC Sinfonia vir 'n vaart vol pret saam met Die Pad Saam-span. Op die reis is daar elke minuut van die dag of nag iets om jou mee te vermaak. Die MSC Sinfonia van 58 000 ton is die grootste en modernste vaartuig wat nog ooit in die Suid-Afrikaanse waters gevaar het, en bied aan gaste al die geriewe wat jy sou verwag van die wêreld se beste passasierskepe, soos 'n teater, kuiersitkamers waar vertonings aangebied word, 'n disko, verskeie kuierkroeë, winkels, 'n casino, swembaddens, jacuzzi's, putt-putt-baan, spa, gimnasium, speletjieskamers en 970 kajuite waarvan 135 hul eie privaat balkonne het.

## VANAF R3 650 – BESPAAR TOT 40%

### 17 November – Vertrek vanaf Durban

Vandag word jy op die MSC Sinfonia in Durban-hawe verwelkom. Maak seker jy staan op die dek wanneer die boot na die Portugese Eiland vertrek.

### 18 November – Portugese Eiland

'n Dag propvol pret op die lieflike strand van die Portugese Eiland. Gaan stap rond, ontspan in die warm kristalhelder water met 'n koue drankie uit die kroeg terwyl die boot se sjefs jou middagete voorberei by die grootste strandbraai in die Suidelike Halfrond. Die meer avontuurlustiges kan aan die snorkelduik-, visvang- of duikekskursies deelneem of met 'n boot na Inhaca toe vaar om van die beste peri-peri-garnale en -hoender by die Lucas Restaurant in die dorpie te gaan proe. Of ontspan sommer-net by die strandkroeg.

Vanaand se tropiese partytjie aanboord van die boot moet beslis nie misgeloop word nie, en is dikwels die hoogtepunt van die hele vakansie.

### 19 November – Op die see

Teen hierdie tyd ken jy nou al die boot en die lewe aanboord en is dit nou die tyd om al die vermaak op die program te geniet. Met drie etes daagliks en ook middernaghappies en tee en fyngebak wat gereeld voorgesit word, hoef jy jou net oor jou middellyf te bekommer terwyl die boot terugseil na Durban.

### 20 November - Durban

Ons vroegoggendaankoms in Durban beteken die einde van jou pretgevulde vakansie.

| Kajuitkategorie | Kategorie | Spesiale tarief per persoon wat deel |
|---|---|---|
| Binnekajuit | Kategorie I1 | R3 650 |
| Binnekajuit | Kategorie I2 | R3 850 |
| Seeuitsig-kajuit | Kategorie O1 | R4 050 |
| Ekonomiese seeuitsig-kajuit | Kategorie O2 | R4 250 |
| Seeuitsig-kajuit met balkon | Kategorie I2 | R5 050 |
| Balkonsuite | Kategorie S1 | R5 350 |

**Hawe-, bagasie-, versekering- en diensfooi – R1 000 per person.**

### Let wel:

Bepalings en voorwaardes geld. Foute en weglatings uitgesluit.
Spesiale tariewe kan nie saam met enige ander afslagaanbod gebruik word nie.
Fooie word bereken teen huidige inventaris maar afslagte word beheer deur kapasiteit en kan ter eniger tyd teruggetrek of verminder word sodat pryse kan styg soos wat die boot voller word.
Onderhewig aan beskikbare plek op tyd wanneer bespreking versoek word.
Beperkte beskikbaarheid op hierdie aanbod op 'n eerste-daar-eerste-klaar-basis.

**Ingesluit by jou tarief:**
Verblyf in die kategorie waarin bespreek
3 etes per dag plus daaglikse middernaghappies
Partytjie vir alleenlopers
Vloervertonings elke aand
Disko
Alle speletjies en daaglikse aktiwiteite
Toegang tot casino
Aerobiese oefening en gimnasium



MSC CRUISES

SA Cruises *Live your dreams*

vkb

**Bespreking moet direk per e-pos by SA Cruises gedoen word.
Meld in die e-pos "Die Pad Saam Readers' Special Offer".
Vir besprekings en navrae rig e-pos aan reservations@sacruises-sa.co.za
of bel 087 357 9133**

TOTAL AGRI




## More pull. More plough. More performance.

Now getting the most out your machinery is so much easier with our speciality lubricants and fuels. Scientifically designed to keep every running part moving smoothly, they reduce wear and tear and prevent cost inflicting breakdowns. Ensuring that everything runs as it should and you are able to reap your hard earned rewards.

*laat dit glad loop*

TOTAL
LUBRICANTS